AD2021 1.2

SAAK NR.: G/O 1371/76.

DATUM: 1 AUGUSTUS 1977.

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE STREEKAFDELING
VAN (TRANSVAAL) G E H O U T E SOWETO.

VOOR : MNR. P.H.S. VAN ZYL.

GEREGTELIKE ONDERSOEK VAN JAMES BARRON EN ANDER.

---

- U I T S P R A A K -

DEUR DIE HOF: Voortspruitende uit die onluste gedurende Junie 1976 te Soweto, Johannesburg, is 'n geregtelike doodsondersoek ingevolge die bepalings van Wet Nr. 58/1959 met ingang van Maandag 13 Junie 1977 in die landdroshof Soweto gehou na die omstandighede van die sterfgevalle van 114 Bantoemans en Bantoevrouens ten einde 'n bevinding omtrent die identiteit, die oorsaak of waarskynlike oorsaak van dood, die datum van die sterfgeval en of die dood deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is, ten opsigte van elke afsonderlike oorledene aan te teken.

Die geregtelike doodsondersoek het in die openbaar geskied. Mnr. W.J. Wilken het as staatsaanklaer kragtens artikel 11 van die wet opgetree, terwyl mnr. J.P. Coetzee, bygestaan deur mnr. D. Vlok, die verrigtinge namens die adjunk-staatsprokureur bygewoon het. Daar was geen ander verteenwoordigende partye teenwoordig nie. Kennis van die geregtelike ondersoek is ingevolge artikel 7 van die wet aan die eggenotes of die naverwante volwasse bloedverwante van die onderskeie oorledenes gegee. Op die eerste dag van die ondersoek het ongeveer 50 tot 60 persone die verrigtinge bygewoon, maar daarna het die belangstelling van lede van die publiek

aansienlik/...

aansienlik gekwyn.

Voor die aanvang van die verrigtinge is die aard van die ondersoek, sowel as die prosedure wat gevolg sou word, duidelik en behoorlik aan alle aanwesiges verduidelik. Mondelinge getuienis is deur 51 getuies afgelê, terwyl 170 beëdigde verklarings kragtens artikel 13 aan die hof voorgelê is.

Theunis Jakobus Swanepoel, 'n blanke kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Hillbrow, Johannesburg, het getuig dat hy om 1.00 n.m. op die 16e Junie 1976 sekere opdragte van sy distrikskommandant, brig. J.P. Kruger, ontvang het. Om 3.00 n.m. het hy saam met drie blanke polisie offisiere en 55 blanke polisie beamptes van ander range na Soweto vertrek, waar hy die taakmag in twee groepe verdeel het. Getuie het oor een groep bestaande uit 30 lede bevel gevoer en maj. May was sy tweede in bevel. Die ander groep bestaande uit 28 lede sou deur maj. P.J. Fouche aangevoer word. Kol. Swanepoel het beide groepe opdrag gegee om hulle vuurwapens slegs op sy eie, of op een van die ander offisiere se opdrag. te gebruik, behalwe in gevalle waar hulle eie en/of ander persone se lewens in onmiddellike gevaar was en 'n offisier nie teenwoordig sou wees of kon sien wat gebeur nie. Wanneer hy beperkte vuur verlang, sou hy self skiet, of andersins die persone wat moes vuur aandui, asook die teikens. Dieselfde reël sou geld wanneer die bevel deur een van die ander offisiere gegee word. Indien die bevel slegs 'vuur' of 'skiet' sou wees, moes elke lid sy eie teiken soek en vuur slegs op persone wat die taakmag aanval, eiendom vernietig, strooptogte uitvoer, geboue aanval of afbrand, of ander persone se lewens in gevaar sou stel.

By Orlandopolisiestasie, om 3.30 n.m. aangekom, het getuie by genl. H.W. Kotzé, die oorhoofse bevelvoerder tydens die onluste aangemeld. Kapt. I.J. Engelbrecht van die moord- en roofspeurtak Meadowlands, het met ongeveer twee lede van sy personeel daar by

getuie/...

getuie aangesluit. Daar is onderling besluit dat kapt. Engelbrecht en sers. J.P. Joubert, wie getuie se motor bestuur het, 'n volledige rekord van die gebeurde daar sou hou, met spesiale vermelding van lede van die mag wat hulle wapens gebruik en die aantal skote wat gevuur word.

As gevolg van 'n rapport wat getuie ongeveer 3.30 n.m. ontvang het, het hy en sy groep onmiddellik na Uncle Tom's Hall in Orlando-Wes vertrek. Maj. Fouche en sy groep het in reserwe by die Orlandopolisiestasie agtergebly. Om ongeveer 4.00 n.m. het getuie en sy taakmag Uncle Tom's Hall genader. Kapt. Engelbrecht het voor gery, gevolg deur getuie se motor, gevolg deur 'n voertuig van die honde-eenheid en agter het maj. May met die taakmag in 'n opruktrok aangekom. Daar was 'n skare van ongeveer 4 000 tot 5 000 Bantoes, besig om voertuie uit te brand. Ongeveer 4 voertuie was toe reeds aan die brand en die skare was besig om 'n afleweringswa van Champion Motor Supplies, TJ 97429, aan die brand te steek. Sommige Bantoes het petrolbomme in en na voertuie gegooi. Die onlusmakers het klippe na alle verbygaande voertuie gegooi. Die Wes-Randse Bantoeraadkantore daar het ook reeds gebrand Die skare was waansinnig en totaal buite beheer. Getuie verklaar dat hy gesien het hoedat kapt. Engelbrecht se motor se windskerm uitmekaar spat. Die voertuie het tot stilstand gekom en die aanvallers het meer en meer klippe, bottels en ander voorwerpe na die polisie gegooi. Die lawaai daar was oorverdowend. Op getuie se bevel het die taakmag ontplooi. Aangesien die wind verkeerd gewaai het en helikopters sonder sukses reeds traanrook gegooi het, het kol. Swanepoel teen die gebruik van traanrook besluit. Hy het ook teen 'n knuppelaanval besluit, aangesien hy gemeen het dit selfmoord sou wees om sy manne met knuppels teen so 'n waansinnige horde te laat aanval. Getuie het voor kapt. Engelbrecht se motor posisie ingeneem en vier waarskuwingskote oor die skare se koppe

teen/...

teen die soliede muur van 'n winkel vasgeskiet en 'n verdere vier skote in 'n lae wal voor die skare se voete, sonder dat dit die gewensde uitwerking gehad het.

'n Twintig tot vyf-en-twintigjarige Bantoeman het voor die oproermakers gestaan, sy arms na voor in lyn met sy skouers regui gestrek en sy vuiste gebal. Sy arms het die indruk van 'n bees s horings geskep. Getuie het opgemerk dat jong Bantoemans en-vroue onmiddellik op die linker- en regterflanke in die polisie se rigting begin beweeg het. Getuie het een skoot op hierdie Bantoeman gevuur. Die Bantoeman het agteruit gesteier en in die skare verdwyn. Getuie het ook op die linker- en regterflanke van die aanvallers gevuur en die skare het begin maal en in 'n westelike rigting begin terugval. Op hierdie toneel is geen dooies of gewondes gevind nie. Behalwe kol. Swanepoel het geen ander lid van die taakmag enige skote gevuur nie.

Tydens die voorval in die omgewing van Uncle Tom's Hall het die onlusmakers hulle gebalde regtervuise in die lug gesteek en die kreet 'Black Power' uitgeskreeu. Getuie meen dat hierdie kreet 'n hipnotiese uitwerking op die onlusmakers gehad het. Af en toe was die kreet 'Kill the Whites' ook gehoor.

Om 4.30 n.m. het getuie opgemerk dat die White City Central Western Jabavu Clinic en Administratiewekantore so pas aan die brand gesteek was. Die vuur was egter reeds buite beheer. 'n Aantal voertuie, meestal swaar vragmotors en afleweringsvoertuie met name van firmas op, was in die omgewing aan die brand. Die omgewing was egter betreklik stil en daar was geen gekonsentreerd oproermakers nie.

Om ongeveer 5.00 n.m. het getuie weereens met sy taakmag in die omgewing van Central Western White City Jabavu aangekom, voo die kliniek, Wes-Randse Bantoeraadkantore. Daar was toe ongeveer 40 Bantoes besig om Bantoehuurmotors aan die brand te steek.

Hulle/...

Hulle was ook besig om die bestuurder en een of meer passasiers uit 'n redelike groot nuwe swart motor te probeer trek. 'n Aantal motorkarre het ook in die omgewing gebrand, sowel as 'n Putco bus. Ook daar was die swartmagteken en 'Black Power' kreet gesie en gehoor. Getuie het onmiddellik op die groep Bantoes by die huurmotor geskiet. Dit was duidelik dat hierdie groep Bantoes onder leiding van 'n Bantoeman geklee in 'n valerige broek en 'n donker skipperhemp was. Hulle het ook klippe, blikke en bottels na die polisie gegooi. As gevolg van die feit dat kol. Swanepoel met sy Rl-geweer op hierdie groep Bantoemans gevuur het, het hull gevlug en die huurmotor het weggery. 'n Rukkie later is die lyk van 'n onbekende Bantoeman ongeveer vyftien treë verder gevind. Die boonste gedeelte van sy kop was weg. Volgens getuie kon sy kop met 'n panga weggekap gewees het, maar dit was ook moontlik dat getuie hom so met sy Rl-geweer kon geskiet het, aangesien sy kleredrag soortgelyk was aan die van die voormelde leier op wie hy gevuur het.

Aan die polisie se westekant was ook 'n groep Bantoes van ongeveer 150 tot 300, wie die polisie met klippe en ander voorwerpe gegooi het. Ook daar was die 'Black Power'teken en uitroepe gesien en gehoor en was 'n Bantoeman die leier. Hy was voor die skare en het ook die beeshoring teken gegee, met dieself de reaksie op die linker- en regterflanke van die skare soos voorheen beskryf. Kol. Swanepoel het maj. May opdrag gegee om hierdi leier met sy haelgeweer te skiet. Maj. May het een skoot op hom gevuur en die leier het teen die grond dood neergeval. Meeste va die aanvallers het gevlug, maar ongeveer twaalf Bantoes het hulle gevalle leier genader. In opdrag van kol. Swanepoel het maj. May nog 'n skoot op hulle gevuur en dit was duidelik dat 'n hele paar van hulle deur haelkorrels getref was. Hulle het toe gevlug. Di lyke van die twee Bantoemans is deur die polisie na die

Baragwanathhospitaal/...

Baragwanathhospitaal verwyder.

Teen 5.15 n.m. op die 16e Junie 1976 verklaar kol. Swanepoel was reeds ten minste twintig voertuie en alle Bantoeraadskantore in Orlando-Wes, Jabavu en Dube aan die brand. Om 5.30 n.m. het getuie met sy taakmag by die kruising van die paaie na Meadowland en Orlando-Wes aangekom by Maponga's Store en Maponga's Garage of Maketla motorhawe. By daardie kruising waar 'n verkeerslig is, het letterlik chaos geheers. Talle motorvoertuie en twee Putco busse was daar aan die brand en die oproermakers het daar soos waansinniges tekere gegaan. Hulle het die polisie met klippe, bottels en ander voorwerpe gegooi. Talle werkers was te voet vanaf Phefeni-spoorwegstasie na hulle huise op pad. Omdat getuie bang was dat onskuldige werkers getref kon word, het hy hier nie enige opdrag om op die oproermakers te skiet, gegee nie. Hy het egter 'n paar polisiehonde laat ontplooi. Hy het ook gesien dat kapt. Engelbrecht 'n Bantoeman wat op die enjinkap van 'n stadig-bewegende motor was, daar afhaal. Die Bantoeman het 'n klip in sy hand gehad. Ander Bantoemans het die deure van die motor probeer oopmaak, oënskynlik met die bedoeling om die motor te roof of om die insittendes aan te val. Die oproermakers het voor die polisie begin terugval en getuie het besluit om die taakmag tydelik uit die gebied te onttrek, ten einde die werkers die geleentheid te gee om hulle huise te bereik. Die taakmag is toe na Orlando-polisiestasie toe. Op pad soontoe het getuie nog talle ander voertuie sien brand.

Om ongeveer 7.00 n.m. het getuie berigte van oor 'n wye gebied ontvang en het hy met sy taakmag uitbeweeg. Kapt. Engelbrecht het getuie se motor bestuur, terwyl sers. Joubert agter in die motor gesit en van die gebeurde rekord gehou het. Maj. May het met die taakmag in 'n opruktrok gevolg. 'n Voertuig van die hondeenheid het ook saam beweeg. Om 7.45 n.m. is die

Pomolongbottelstoor/...

Pomolongbottelstoor bereik. In die gras aan die westekant van die plek het ongeveer 50 Bantoemans in 'n groep gestaan. Hulle, sowel as 'n groep van tussen 200 en 300 Bantoes wat aan die oostekant van die bottelstoor gestaan het, het die polisie met bottels en klippe begin gooi. Die omgewing daar was vol kaste met drank en Bantoes het met kaste drank uit die bottelstoor gekom. Die bottelstoor was aan die agterkant aan die brand. Oorkant die pad van die bottelstoor het 'n Putco bus gestaan en brand. Die Bantoeadministrasiekantore en die biersaal het ook gebrand. In die lig van die vure kon getuie 'n Bantoeman met 'n rooi skipperhemp aan voor die groep Bantoes aan die westekant die beeshoringteken sien gee. Getuie het daardie Bantoe platgeskiet ongeveer 20 tot 30 treë van hom af. Getuie het 'n algemene opdrag van vuur aan die taakmag geskreeu en self nog vyf skote op die Bantoes by die bottelstoor gevuur. Die aanvallers het vinnig in die donker verdwyn. Later was dit vasgestel dat slegs getuie daar enige skote gevuur het. Getuie verklaar dat hy ook skote uit die rigting van die spoorweg, ongeveer 50 treë aan die noordekant van die bottelstoor, gehoor het. Hy het ook gesien dat twee lede van die spoorwegpolisie met pistole of rewolwers op 'n Bantoeman vuur. Hoewel die Bantoeman in die pad platgeskiet was, het hy weer opgespring en in 'n oostelike rigting die donkerte ingevlug. Dit was egter duidelik dat hy in sy rug gewond was. Die lyk van die Bantoeman wat deur getuie by die Pomolongbottelstoor geskiet was, is later na die Baragwanathhospitaal vervoer.

Om 7.50 n.m. het getuie se taakmag weereens by Maponga's of Maketla's Garage aangekom. Daar was toe ongeveer 400 Bantoes, waarvan sommiges brandbomme na die petrolpompe en voertuie gegooi het. 'n Aantal voertuie was reeds aan die brand. Die polisie was ook daar met klippe en ander voorwerpe bestook en getuie het 'n algemene opdrag van vuur aan die taakmag gegee. Getuie self

het/...

het agt skote met sy Rl-geweer op die oproermakers gevuur. Ander lede van die taakmag het ook gevuur. Die oproermakers het teruggeval. Getuie het gesien dat ten minste twee gewondes of dooie Bantoes daar deur hulle makkers weggesleep of gedra was. Op die toneel was daar geen dooies of gewondes deur die polisie gevind nie.

Met die taakmag se aankoms by die Dube-bottelstoor om ongeveer 8.00 n.m. dieselfde aand, was daar ongeveer 200 Bantoes wat besig was om die bottelstoor aan die brand te steek en drank daaruit weg te dra. Hierdie plunderaars het die polisie onmiddellik met klippe, bottels drank en blikke begin gooi. Getuie het 'n algemene opdrag om te vuur gegee. Getuie self het twee Bantoemans wat by die deur van die bottelstoor gestaan en na die polisie gegooi het, platgeskiet. Getuie meen dat beide gedood is. 'n Ander Bantoeman wat reg voor die bottelstoor se deur gestaan het, het die beeshoringteken in die rigting van getuie gegee, gebuk en 'n voorwerp soos 'n bottel opgetel en dit na getuie gegooi. Die voorwerp het getuie tussen die oë getref en 'n sny aan die linkerkant van sy neusbrug en bokant die linkeroog op die oogbank veroorsaak. Getuie was gevolglik duiselig en het agteruit gesteier. Sy bril was ook beskadig. Toe hy weer sien, was dieselfde Bantoeman met 'n groot bottel bier in elke hand ongeveer vier tot vyf treë van hom af op die bopunt van die trappe wat na die bottelstoor aflei. Die Bantoeman het sy een hand omhoog gehou en het na getuie gekyk en gemik. Kol. Swanepoel het besef dat hy in lewensgevaar verkeer en die Bantoeman drie keer in die bors geskiet en gedood. Hierdie Bantoeman het 'n donkerkleurige skipperhemp aangehad. Vuurwapens was ook deur ander lede van die taakmag daar gebruik. Getuie het later vasgestel dat agt Bantoemans en een Bantoevrou voor die Dube-bottelstoor geskiet is, waarvan vyf Bantoemans vermoedelik gedood is. Dit het voorgekom dat die

oproermakers/...

oproermakers, wat toe in 'n westelike rigting teruggeval het, gewondes en/of dooies saamgesleep het. In die Dube-bottelstoor is 15 Bantoemans deur maj. May en sers. Kriegler gearresteer. Voor die bottelstoor was 'n groot oopgebreekte brandkas, waarvan die inhoud verwyder was. Letterlik duisende bottels drank het 'n paar duim diep stukkend op die vloer in die bottelstoor gelê. Meubels en deure was stukkend gebreek en geslaan. Lede van die taakmag het die brand aan die agterkant van die bottelstoor geblus. In die straat voor die bottelstoor het drie motorvoertuie, vol drank gelaai, gestaan. Nadat die gewondes, dooies en gearresteerdes verwyder is, het kol. Swanepoel die toneel vir bewaking aan luit. Van Wyk en 'n taakmag oorhandig.

Teen 10.45 n.m. op die 16e Junie 1976 was Barclays Bank en die biblioteek te Dube aan die brand, terwyl die Bantoeraadkantore langsaan reeds afgebrand was. Met sy aankoms by Pomolong-bottelstoor 'n halfuur later vind getuie dat ongeveer 30 Bantoes daar brandbomme in die bottelstoor ingooi en drank daaruit verwyder. Daar was die polisie weereens deur die Bantoes met voorwerpe gegooi. Getuie het ses skote met sy Rl-geweer op die Bantoes gevuur en baie dronk Bantoemans is in die bottelstoor gearresteer. Hoewel kol. Swanepoel hier 'n algemene opdrag van vuur gegee het, was geen dooies of gewondes op die toneel gevind nie.

Die taakmag het om ongeveer 11.40 n.m. op die 16e Junie 1976 by die Phefeni-bottelstoor aangekom, waar ongeveer 100 Bantoemans besig was om die bottelstoor te stroop en aan die brand te steek. Weereens was die polisie deur die Bantoes met bottels en klippe bestook en was getuie genoodsaak om 'n algemene opdrag om te vuur te gee. Die aanvallers het gevlug, maar die lyke van vyf Bantoemans wat doodgeskiet is, is daar op die toneel gevind. In die bottelstoor was brandende blikke verf oral rondverstrooi en 'n reuk van verfverdunner. In 'n agterkamer het getuie die verbrande

lyke/...

lyke van drie Bantoemans gevind, wat styf en waarskynlik reeds 'n geruime tyd dood was. Dit kan nie bevind word wie vir die dood van hierdie drie Bantoemans verantwoordelik was nie. Van traanrook is gebruik gemaak en agt Bantoemans wat die polisie vanuit 'n agterkamer met bottels bestook het, is daar deur kapt. Engelbrecht en sers. Kriegler gearresteer. Die dooies, vier gewonde Bantoemans, en die gearresteerdes, is na die hospitaal en die Orlandopolisiestasie verwyder.

Om 3.00 v.m. op die 17e Junie 1976 het kol. Swanepoel die vereniging peloton/en opgedeel by die Dube-bottelstoor, die Dube-bank, biblioteek en administratiewe kantore, die Phefeni-bottelstoor en die Pomolongbottelstoor, -biersaal en administratiewe kantore, gepos.

Om 8.50 v.m. op die 17e Junie 1976 het getuie met sy taakmag in Matsepastraat, Orlando-Oos aangekom, waar ongeveer 1 300 jong Bantoes van beide geslagte en waarvan talle in skooluniform geklee was, die polisie voorgekeer en met klippe gegooi het. Hulle was deur 'n aantal redelik volwasse Bantoemans aangehits. Die leier van die belhamels was 'n Bantoeman in 'n blou skipperhemp en 'n donker broek geklee. Getuie het sy taakmag ontplooi, maar wou nie onder die kinders laat skiet nie, hoewel dit duidelik was dat hy sou moes optree. Kol. Swanepoel het luit. Grobbelaar opdrag gegee om twee skote oor die koppe van die oproeriges te vuur en sers. Kriegler beveel om 'n aantal traanrookpatrone tussen die skare af te vuur. Getuie self het ook twee skote oor die skare se koppe teen 'n huis se soliede muur in die agtergrond gevuur. Maj. May het een skoot met sy haelgeweer oor hulle koppe gevuur. Die leier het omgeswaai en die beeshoringteken in die teenoorgestelde rigting as waarin die taakmag was gegee. Die oproermakers het gevlug.

As gevolg van 'n berig ontvang dat blankes in die Klipspruit

administratiewe/...

administratiewe kantore vasgekeer word, het kol. Swanepoel met sy taakmag soontoe gehaas. Om 9.20 v.m. op die 17e Junie 1976 het hulle daar arriveer. Rondom die kantoor was ongeveer 500 Bantoes besig om die gebou te stroop en aan die brand te steek. Van die Bantoes het met dokumente, tik- en/of afrolmasjiene en telefone in hulle hande rondgeloop. 'n Peugotstasiewa het voor die kantoor staan en brand. Met hulle aankoms aldaar was die polisie onmiddellik deur die oproermakers met klippe en ander voorwerpe aangeval. Kol. Swanepoel het 'n algemene opdrag van vuur gegee en die skare het gevlug. Daarna is gevind dat drie Bantoemans daar doodgeskiet en drie gewond was, terwyl 'n gebreklike Bantoeman in die gebou gearresteer was. Die oorledenes en gewondes was na die Baragwanathhospitaal verwyder. Die beweerde vasgekeerde blankes kon nie opgespoor word nie. Die vuur is deur die taakmag geblus.

Met die taakmag se aankoms om 9.55 v.m. dieselfde môre by die Diepkloofhotel, was ongeveer 600 Bantoes besig om 'n Bedford vragmotor, waarop die naam Bidroid verskyn het, aan die brand te steek en brandbomme op die voertuig te gooi. Die onlusmakers het ook brandbomme en klippe na die hotel gegooi en die polisie met klippe, bottels en brandbomme bestook. Kol. Swanepoel het 'n algemen opdrag van vuur gegee en die skare het in 'n noordelike rigting gevlug en 'n paar gewonde of dooie Bantoes met hulle saamgesleep. Drie lyke van Bantoemans wat waarskynlik deur die taakmag doodgeskiet was, is op die toneel gevind. Kol. Swanepoel het getuig dat hy die lyke van twee Bantoes wat geskiet was ongeveer 20[illegible] treë ten suide van die taakmag sien lê het. Omdat sy taakmag noordwaarts geskiet het, meen getuie dat hierdie twee oorledenes nie deur sy taakmag nie, maar deur 'n onbekende persoon of person[illegible] geskiet moes gewees het. Die dooies is na die Baragwanathhospita[illegible] verwyder.

Kol. Swanepoel getuig dat hy 'n taakmag onder bevel van maj.

De Swart/...

De Swardt naby die Diepkloofhotel aangetref het. 'n Tweede taakmag was op die Potchefstroompad by die Baragwanathhospitaal en 'n derde taakmag onder bevel van kol. Pienaar was ook in die omgewing op die Potchefstroompad. Berigte van roof en plundering is deur getuie ontvang en naby die hotel het hy 'n uitgebrande melk vragmotor aangetref. Melkhouers het oral rondgelê. Nadat hy om 11.30 v.m. op die 17e Junie 1976 te Orlando samesprekings met genls. Venter en Kotzé gevoer het, het kol. Swanepoel na Johannesburg gegaan, waar hy steke vir die wond bokant sy linkeroog wat hy die vorige dag reeds opgedoen het, ontvang het en deur die distriksgeneesheer beveel was om af siek te gaan. 'n Oogspesialis het bevind dat kol. Swanepoel aan beide oë ernstige skok opgedoen het. Hy sal vir geruime tyd nog behandeling moet ontvang. Sy linkeroog was ernstig beseer. Kol. Swanepoel het nie verder aan die bekamping van onluste in Soweto deel gehad nie. Volgens rekords het getuie self 78 skote gevuur, terwyl die res van die taakmag 'n totaal van 154 skote gevuur het. Kol. Swanepoel getuig dat hy na skatting ongeveer 150 motorvoertuie wat deur die oproermakers uitgebrand is, gesien het. Al die Wes-Randse Bantoeraadkantore in die gebied Diepkloof, Orlando-Oos, Orlando-Wes, Phefenie, Pomolong, Dube, Mofolo, White City en Meadowlands, is afgebrand, asook alle bottelstore en biersale en sommige klinieke. Verder was ook hostelle en winkels gestroop en afgebrand. Kol. Swanepoel het gesê dat hy tot die gevolgtrekking geraak het dat die hele opstand georganiseerd was en dat die mense-massas subtiel deur klein groepies agitators beheer en gemanipuleer was. Hy het ook opgemerk dat waar groepe oorwegend uit skoliere bestaan het, daar altyd 'n aantal volwasse Bantoeman, meestal Bantoemans, die toon aangegee het.

Hierdie getuie was deur die staatsaanklaer, sowel as deur mnr. J.P. Coetzee en sestien familielede van oorledenes ondervra.

Maj. Gert/...

Maj. Gert Christiaan May, wie saam met die taakmag van kol. Swanepoel was, het om 11.30 v.m. op die 17e Junie 1976 bevel van die taakmag oorgeneem. Om 3.00 n.m. dieselfde dag het die taakmag by Phefeni-bottelstoor aangekom. Twee verbrande lyke van Bantoes wat in die bottelstoor aangetref was, is na Orlandopolisie-stasie verwyder. Ooreenstemmend met die getuies van kol. Swanepoel verklaar maj. May dat dit lewensgevaarlik, of selfmoord sou wees, om te probeer het om die leiers, die aanhitsers en opstokers teen so 'n oormag te arresteer.

Sers. Thomas Phillipus Kriegler en speurdersers. Frederick Hendrik Dempsey se mondelinge getuienis het ooreengekom met dié van kol. Swanepoel en maj. May. Daarbenewens was die beëdigde verklarings van die volgende getuies ook ingehandig: (1) Konst. William Murray Coombs; (2) Konst. Schalk Willem Van Wyk; (3) Sers. Benjamin Stephanus Heydenrych; (4) Konst. Lourens Rasmus Maritz; (5) Konst. Jakob Pronk; (6) Sers. Hendrik Lodewijk van der Merwe; (7) Konst. Jan Tait-Erasmus; en (8) Konst. Christoffel Johannes Ras Janse van Rensburg. Konst. Pronk meld in sy verklaring dat hy en ander lede van die polisie om 6.30 v.m. op die 18e Junie 1976 op 'n vragmotor wat van die pad afgeloop het, afgekom het. Hy noem nie waar presies dit was nie. Op die vloer van die bestuurderskajuit van die betrokke vragmotor het 'n Bantoeman met koeëlwonde dood gelê. Langs die bak van die voertuig het die lyk van 'n ander Bantoeman ook met 'n koeëlwond gelê. Wie vir die dood van hierdie twee Bantoemans verantwoordelik was, is nie bekend nie. Sers. van der Merwe meld in sy verklaring dat hy om 7.30 n.m. op die 18e Junie 1976, terwyl hy op die Soweto-hoofweg op patrolliediens was, op ongeveer 50 Bantoes afgekom het wat voertuie met klippe bestook het. Die Bantoebestuurders is uit die voertuie geruk en aangerand. Hy het sewe waarskuwingskote gevuur en die oproermakers het gevlug. Daarna het hy die

lyk/...

lyk van 'n Bantoeman, met verskeie wonde wat oënskynlik deur klippe veroorsaak was aan sy kop, in die pad sien lê. Hy meld nie of hy weet wie vir die dood van daardie Bantoeman verantwoordelik was nie.

Maj. Petrus Abraham Fouché het getuig dat hy op die 16e Junie 1976 in Soweto in bevel van 'n taakmag van 27 lede was. As gevolg van 'n rapport ontvang het hy om 10.30 v.m. op die 17e Junie 1976 na die Esso Garage, Chiawelo, gegaan, waar hy ongeveer 150 Bantoemans om 'n vragmotor voor die garage in die Potchefstroompad saamgedrom aangetref het. Die stuurkajuit daarvan was aan die brand. Toe die polisie daar stilhou, was hulle met klippe deur die skare gegooi. Speurdersers. Britz het in opdrag drie skote in die wal langs die pad gevuur en die Bantoes het gevlug. Om 11.10 v.m. kom die taakmag by die Maroko-bottelstoor aan, waar ongeveer 300 Bantoes besig was om die brandende gebou te plunder. Die polisie was daar deur die Bantoes met klippe en bottels drank gegooi. Die polisie se voertuie is erg beskadig. Getuie skiet waarskuwingsskote en die Bantoes vlug.

Om 11.40 v.m. dieselfde dag kom die taakmag by Soweto Wholesalers aan, waar ongeveer 200 Bantoes besig was om die winkel te plunder. Waarskuwingsskote het die skare geensins afgeskrik nie. Inteendeel, het die skare al hoe meer aggressief geword. Verskeie jong Bantoemans voor tussen die skare het die skare verder aangehits deur die swartmagteken te gee en krete uit te skreeu. Die skare het al nader aan die polisie beweeg. Aangesien hulle lewens in gevaar was, het speurdersers. Britz in opdrag en getuie self saam elf skote op die skare gevuur. Die skare het begin padgee. Daarna is die toneel ondersoek en ses dooie Bantoemans en een gewonde Bantoevrou is daar gevind. Hulle is almal na die hospitaal vervoer.

Om 12.30 n.m. keer getuie na Soweto Wholesalers terug.

Ongeveer/...

Ongeveer 100 Bantoes was daar voor die winkel, wat toe gebrand he saamgedrom. Omdat hulle weereens aggressief was en die polisie met klippe gegooi het, het speurdersers. Britz in opdrag en getui self altesaam nege waarskuwingsskote in die wal gevuur. Die Bantoes het weggehardloop. In die winkel was nege Bantoemans en twee Bantoevroue gearresteer.

Sers. Britz se getuienis het met die van maj. Fouche ooreengestem.

Kapt. Isak Johannes Engelbrecht het oor sy deelname aan die bekamping van onluste in Soweto gedurende Junie 1976 breedvoerig en volledig getuig. Hy het die hof onder meer vertel hoedat hy net na 1.00 n.m. op die 16e Junie 1976 in Zizoeloestraat, Orlando-Wes, reg voor huis nr. 7329, 'n blanke man dood aangetref het. Die oorledene se kop was verbrysel en daar was tekens wat daarop gedui het dat pogings aangewend was om hom te verbrand. Getuie het later vasgestel dat die oorledene dr. Edelstein was. Sy liggaam was na die polisiestasie verwyder. Naby die liggaam van dr. Edelstein het 'n uitgebrande WRA Ford patrolliewa gestaan. Vasgekeerde blankes in die Phefeni-kliniek was daarna bevry. Hierna het getuie by kol. Swanepoel se taakmag aangesluit en sy getuieni van die verdere gebeurde kom met die van kol. Swanepoel ooreen. Nadat kol. Swanepoel die taakmag verlaat het, het kapt. Engelbrec bevel oor 'n seksie polisiemanne geneem en 'n lykswa na Diepkloof begelei om daar die lyk van 'n Bantoekind te gaan haal. Die geslag en identiteit van die kind, die oorsaak van dood, wie vir die kind se dood verantwoordelik was en die presiese plek waar die liggaam aangetref was, is nie bekend nie. Kapt. Engelbrecht het vasgestel dat sy voertuig daar ook raakgeskiet was. 'n Bantoeman was later te White City gearresteer vir die onwettige besi van 'n vuurwapen, 'n 0,22 pistool en drie patrone.

'n Berig dat Bantoes die Meadowlandspolisiestasie aanval en

die/...

die hofgebou aldaar afbrand, het kapt. Engelbrecht en sy manne soontoe laat beweeg. Daar het 'n massa Swartmense die polisie met klippe gegooi en getuie het sy manskappe opgedra om te skiet. Agt Bantoemans is hier doodgeskiet, waarskynlik deur kapt. Engelbrecht se taakmag.

Om 10.30 n.m. op die 17e Junie 1976, in Gebied 10, Meadowlands, het getuie op die lyk van 'n Bantoeman afgekom en die liggaam is na die Meadowlandspolisiestasie verwyder. Die Bantoeman is vermoedelik deur sy eie mense doodgemaak.

Luit. Abraham Grobbelaar se getuienis kom met die van kapt. Engelbrecht ooreen. In Orlando-Wes, naby die Phefeni-kliniek, het luit. Grobbelaar 'n Volkswagen motorkar en 'n Volkswagen kombi in die straat gesien staan en uitbrand. Die blanke eienaars van hier die voertuie het in die kliniek skuiling gesoek. Op 'n berig ontvang is 'n vasgekeerde blanke vrou en 'n Bantoevrou uit die huis van 'n Bantoe predikant, net langs die kerk, na veiligheid gebring

Getuienis is ook deur speurdersers. Hendrik Johannes Sebastiaan van der Merwe afgelê.

Beëdigde verklarings van speurdersers. Floris Dirk Coetzee, konst. J.M. Kuipers, konst. A.J. Delport, konst. F.J. Viviers, konst. M.A. Dennis, konst. B.J. Swanepoel, a/o L.J. Bezuidenhout, konst. F.P. Gerber, konst. J.F. van Aswegen, konst. W.J. Viljoen, konst. J.A.A. Louw, sers. George Branford, konst. J.M. de Beer, konst. B.D. Claasen, konst. J.J. Mostert, konst. M.P. Engelbrecht, a/o Stephanus Bouwer, konst. A.J. Burger, o/sers. J.J.L. Scholtz, s/a/o C.J. van Schanke, o/sers. D.J. Botha, kapt. P.J. Vister, maj. J.C. Langeveldt, B/luit. O.P. Mazibuko, maj. J.H. Pheiffer, konst. A.C. Stadler en sers. J.F. Otto is ingehandig.

Die afdelingsinspekteur van Soweto, kol. Jakobus Johannes Gerber, het getuig dat hy as gevolg van 'n rapport wat hy van brig. Le Roux ontvang het, om 8.10 v.m. op die 16e Junie 1976 na

die/...

die Naledi-skool gegaan het, vergesel van konst. Van der Berg. Ongeveer 800 tot 1 000 skoolkinders was in die straat en het aan 'n optog deelgeneem. Toe die kinders die polisiemotor gewaar, het hulle die swartmagteken gegee en klippe opgetel. Aangesien getuie ver van hulle af stilgehou het, het die kinders nie klippe gegooi nie. Soos die optog by ander skole verbygegaan het, het meer en meer kinders aangesluit. Getuie het by Jabulani-polisiestasie aan brig. Le Roux gaan rapporteer wat die toestand van sake was. Later het getuie na Orlando-Oos gegaan om luit./kol. Kleingeld te gaan help, maar op pad in 'n paar honderd skoolkinders vas gery, wat dadelik klippe begin gooi het. Hy het deur die skare gery en by luit./kol. Kleingeld aangekom, waar die pad deur polisie en privaat voertuie versper was en ongeveer 1 000 skoolkinders klippe na hulle gegooi het. Intussen was die skare kinders vanaf Naledi na Orlando-Oos in aantog. Getuie het onmiddellik al die polisiemanne na 'n oop stuk veld laat saamtrek. Die twee groepe kinders het saamgesmelt en ongeveer 500 tree vanaf die polisie saamgedrom. Daar was ook volwasse Bantoes, tsotsies en ander jeugdiges sonder skooldrag tussen die groep skoolkinders. 'n Groot motorkar, waarvan die ruite uitgegooi was en met vier deur die Bantoes beseerde blanke vrouens daarin, het by die polisie stilgehou. Hulle is na die Orlando-polisiestasie gestuur en getuie het ook soontoe vertrek, vanwaar hy bevel oor die lede kon uitvoer totdat genl. Kotze om 4.00 n.m. opgedaag en bevel oorgeneem het. Getuie verklaar dat die skoolkinders wat aan die optog deelgeneem het se ouderdomme van 15 jaar tot 23 jaar was.

<u>Kapt. C.J.M. Loubsher</u> het getuig dat hy op die 16e Junie 1976 in Soweto met die bekamping van die onluste behulpsaam was, toe hy ongeveer 1 000 Bantoes, volwassenes sowel as skoolkinders, saamgedrom gesien het. Aan die voorpunt van die skare het 'n 20 jarige Bantoeman met 'n driekwart baksteen in sy een hand en 'n kierie in

die/...

die ander, rondgedans en geskreeu. Dit was duidelik dat hierdie jongman die skare aangehits het om in die rigting van die polisie te beweeg. Die groep Bantoes het tot ongeveer 100 treë vanaf die polisie nadergekom en laasgenoemde met klippe begin gooi. Traangas is gegooi, maar sonder die gewensde uitwerking. Die klippe het die polisievoertuie en manne begin tref en die groep Bantoes het in hierdie stadium vinnig en vasberade op die polisie inbeweeg. Binne sekondes, verklaar kapt. Loubsher, was die voertuie erg beskadig. Luit. Kol. Kleingeld het herhaalde male waarskuwings aan die Bantoes geskreeu, wat egter weens die oorverdowende lawaai nouliks hoorbaar was. Toe die groep Bantoes ongeveer 50 treë vanaf die polisie was, het luit. kol. Kleingeld twee of drie waarskuwingsskote met 'n pistool in die lug geskiet. Dit het geen merkbare uitwerking op die skare gehad nie. Inteendeel, die Bantoes het daarna meer aggressief en opstandig geword. Luit. Kol. Kleingeld het daarna weereens gevuur en ander lede van die polisie het ook gevuur. Getuie het die polisie beveel om vorentoe te beweeg. Dit was blykbaar 'n sielkundige taktiese maneuver, want die Bantoes het teruggeval. Dit is toe dat getuie die jong Bantoeman, wat hy vroeër as die aanhitser beskryf het, op die grond sien lê het met 'n vermoedelike koeëlwond in sy voorkop. Hy was dood en later as Lesley Ndlovu uitgeken. Onmiddellik daarna het die Bantoes die polisie weer vinnig met klippe aangeval, sodat laasgenoemde na die voertuie moes terugval. In hierdie stadium is die polisie omsingel en hewig vanuit alle rigtings met klippe gegooi. Luit. kol. Kleingeld het toe met 'n Stengeweer verskeie sarsies in verskillende rigtings afgevuur. Toe die Bantoes as gevolg effens terugval, het die polisie op bevel in die voertuie gespring en vinnig uit die gevaargebied padgegee. Polisie versterkings het opgedaag en die groep Bantoes het na die omgewing van die Orlando brug teruggeval.

Bantoekonstabel/...

Bantoekonst. Justice Mamiane het getuig hoedat sy polisiehon daardie selfde dag daar deur die verwoede en waansinnige skare Bantoes met stene en kieries doodgekap en geslaan was. Die skare het die hond saamgesleep en aan die brand gesteek.

Luit. kol. Johannes Augustinus Kleingeld het sy aandeel aan die polisie-optrede met die onluste gedurende Junie verlede jaar aan die hof geskets. Hy het ook getuig dat daar van die manne onder sy bevel erg beseer was en gevolglik hospitaalbehandeling moes ontvang.

Beëdigde verklaring van die volgende polisiebeamptes is ook ingehandig: sers. J.D. Woest, B/konst. Petrus Thusi, B/konst. Maxwell Danvy Maphophe, B/konst. Martin Nodikwe Mabena, sers. M.J Hattingh, B/konst. Stewart Makhoane, B/konst. Mahapa Josias Khwinana, sers. R.A. Lombard, B/konst. Levy Joseph Mabatle, B/sers. Francis Ntshalie, luit. C.F.J. Brand, luit. J.A. Saune, sers. J.J Botha, B/konst. Tabishi Piet Bahula, s/a/o. K.J.D. Mathee, B/kons Pathlala Elias Manganye, B/senior sers. Edgar Modise, B/sers. Joë Masopha, konst. J.N. van den Berg, B/konst. Sonny-boy Molefe, Ros Maphalala 'n 16 jarige Bantoedogter, B/sers. Joseph Mtolo, B/seni sersant Gasane Samuel Hlungwane.

Bantoe konst. Manganye meld in sy verklaring dat hy die liggaam van 'n Bantoeman opgelaai en na die Orlandopolisiestasie geneem het. Die hof meen dat hierdie oorledene waarskynlik Lesley Ndlovu was.

Kol. Andries Frederik Pretorius Verwey was vanaf 16 Junie 19 in bevel van 'n spesiale taakmag met die bekamping van onluste in Soweto. Gedurende 17 tot 18 Junie 1976 het hy van tyd tot tyd traanrookgranate vanuit 'n vlieënde helikopter op skares Bantoes afgegooi en verskeie waarskuwingsskote gevuur, ten einde die skar Bantoes uiteen te dryf. Na 7.00 n.m. op die 17e Junie 1976, terw kol. Verwey in opdrag van genl. Kotze met twee hippo's na die New

Soweto/...

Soweto Road op pad was, het hy ongeveer 400 Bantoes teëgekom wat besig was om in groepe voertuie voor te keer en aan die brand te steek. 'n Groep van ongeveer 30 Bantoes was besig om 'n motor me se insittendes van die pad af te dra. Een Bantoeman was besig om die bestuurder van daardie motor, ook 'n Bantoeman, uit die motor te sleep. Getuie het a/o Du Plooy opdrag gegee om op hierdie Bantoeman, wat aan die anderkant van die motor was, te vuur. Hy was in sy kop getref. Hierdie man was oënskynlik die leier van daardie groep Bantoes. Maj. De Swardt het in opdrag waarskuwings skote met 'n HMK vuurwapen op die grond voor die motor gevuur. Die groep Bantoes het uitmekaar gespat en die motor het teen 'n hoë spoed weggejaag. Ongeveer 'n half kilometer verder was 'n Bantoeman besig om 'n motorkar, waarvan die agtersitplekke reeds gebrand het, met 'n vloeistof te besprinkel. In opdrag van getuie het luit. Strydom een rondte met sy haelgeweer gevuur en die brandstigter is gedood. Ongeveer 300 meter verder het 'n groot groep Bantoes om 'n voertuig met twee insittendes saamgedrom. 'n Waarskuwingsarsie is oor hulle koppe afgevuur. Die Bantoes het gevlug en die voertuig het weggejaag. Vyfhonderd meter daarvandaan was 'n brandende motorkar aangetref, waarom 'n groot groep Bantoemans saamgedrom het. Sommige van die mans het tasse en kom berse uit die bagasiebak verwyder. In opdrag van getuie het a/o Du Plooy een rondte met sy R1-geweer op een van die Bantoemans wa goedere uit die motor verwyder het, gevuur. Die Bantoeman het ge val, opgespring, 'n entjie weggehardloop en toe weer geval. Die ander Bantoemans het die polisie toe met klippe bestook, totdat luit. Strydom met sy haelgeweer en maj. De Swardt met sy HMK waar skuwingskote in opdrag op die grond voor die Bantoes gevuur het. Omdat daar te veel mense in die gebied was, kon getuie nie hoog laat vuur nie. Weens gebrek aan ruimte kon getuie nie enige van die oorledenes oplaai nie, maar later die aand het hy met 'n lyks

teruggekeer/...

teruggekeer en twee lyke verwyder. Getuie het die volgende môre 'n derde lyk daar gevind en verwyder. Kol. Verwey het ook getuig van die lyk van 'n 35/40 jarige Bantoeman wat hy op die oggend van 17 Junie 1976 in die sitkamer van 'n sekere huis in Orlando-Wes, met 'n gapende wond in die bobors, aangetref het. Op navraag by die familie het dit geblyk dat hierdie man die vorige aand om ongeveer 8.00 n.m., toe daar geen polisie voertuie of polisie beamptes in die omgewing was nie, met 'n enkele skoot voor die huis in die straat doodgeskiet was, vermoedelik deur ander Bantoemans, omdat hy 'n bedrag van R170,00 aan 'n sekere Bantoeman verskuldig was. Laasgenoemde Bantoeman sou dan ook tevore gedreig het dat hy die oorledene sou doodmaak. Die lyk is na die Orlando-aanklagkantoor verwyder en opdrag vir die opening van 'n moordsaak is gegee.

Maj. Jakobus Johannes de Swardt het ook getuig dat hy op die 18e Junie 1976, om ongeveer 10.00 v.m., met 'n patrollie na die Diepkloof-drankwinkelkompleks gegaan het. Oproeriges was besig om drank daaruit weg te dra en te stroop. Binne-in die winkel was 'n aantal Bantoemans in hegtenis geneem, waarvan een in die linkerbobeen verwond is toe hy probeer ontsnap het. Hy is na die hospitaal verwyder. Om ongeveer 12.00 middag dieselfde dag het getuie en sy manne na die Kliptown Meat Supply gegaan, waar 'n groot aantal Bantoes die besigheid oopgebreek het en besig was om vleis daaruit te dra. Getuie het verder getuig hoedat Bantoes, wat in die plafon weggekruip het, daaruit gedwing was en dat daar in dié proses op hulle gevuur was. Die lyke van twee Bantoemans is later in die plafon gevind.

Luit. Marthinus Blanché Strydom, a/o Jakobus Willie Smuts en konst. Hendrik Jakobus Cronje het ook getuig. Konst. Cronje het vertel hoedat hy en ander polisie beamptes op die 16e Junie 1976 en daarna met die bekamping van onluste behulpsaam was. Op

die/...

die 17e Junie 1976, vanaf 8.00 v.m., het hulle Soweto, wat aan die getuie onbekend is, per pantsermotor gepatrolleer. Te Zondi aangekom waar lede van die polisiemag deur oproerige Bantoes vasgekeer was, het die skare teruggeval. Daar het getuie 'n Bantoeman sien lê. Die polisie wou die man gaan optel, maar is toe deur die Bantoes bestorm en hewig met klippe bestook. Op luit. Winter se bevel het getuie en ander lede gevuur, aangesien hulle lewens in ernstige gevaar was. 'n Bantoeman en Bantoevrou het geval, maar is deur die skare weggedra. Die lyk van 'n Bantoeman is later daar op die toneel opgetel en verwyder.

Beëdigde verklarings deur a/o Roeloff Johannes du Plooy, luit. Irvan Herman Edward Winter, luit. Hendrik Johannes Fourie, s/a/o André Johan Roux, konst. Barry Swart, sers. George Els, s/s Matthys Johannes Maree, konst. Daniel Jakobus Hildebrand, konst. Frederik Johannes Hendrik Smit, is ook aan die hof ingehandig.

Luit. kol. Lourens Petrus Erasmus Malan het ook met die bekamping van die onluste in Soweto gehelp en het daaroor getuig.

Konst. Pieter Johan Theron het onder meer getuig hoedat hy om ongeveer 3.00 n.m. op die 17e Junie 1976 by die Wes-Randse administratiewe kantore op 'n Bantoeman wat probeer ontvlug het, gevuur en noodlottig verwond het.

Beëdigde verklarings deur konst. Stephanus Johannes Gerber en a/o William John Young is aan die hof ingehandig.

Maj. Daniel Johannes Terblanche het saam met tien van sy manne om 9.00 v.m. op die 17e Junie 1976 na die Indingilisie bottelstoor te Dobsonville, waar vyf blanke polisie beamptes in moeilikheid verkeer het, gegaan. Dit is bevind dat die vyf manne in die binneplaas van die bottelstoor deur Bantoes vasgekeer word. Die skare Bantoes het intussen tot nagenoeg 1 500 aangegroei en die polisie aanhoudend en hewig met klippe gegooi. Die skare het steeds nader aan die polisie beweeg en skielik 'n stormloop op

hulle/...

hulle uitgevoer. Die lewens van die polisie beamptes was in gevaar. Maj. Terblanche het in hierdie stadium besef dat iets gedoe sou moes word ten einde te voorkom dat sy lede paniekbevange raak en direk op die skare begin vuur. Hy het besluit dat die opstokers buite aksie gestel moes word. Hy het die drie Bantoemans en een Bantoevrou wat voor die skare stelling ingeneem en die swartes opgestook en aangehits het, aan konsts. J.J.A. Venter en F.Y. van Tonder wie aan sy sy was en sy bevele bo die oorverdowende lawaai sou kon hoor, uitgewys. Op getuie se bevel het konst. Van Tonder een van die Bantoemans platgeskiet, terwyl konst. Venter die Bantoevrou platgeskiet het. Daarna, in opdrag van getuie, het konst. Van Tonder ook die ander twee voorbok Bantoemans platgeskiet. Hulle het egter nog geleef en is na die hospitaal vervoer. Toe die skare as gevolg terugval, het die lede in opdrag op die skare afgestorm, wat die skare op die vlug laat slaan het.

Sers. Stephanus Petrus de Beer het getuig van 'n Bantoeman wat hy by die Indingilisie bottelstoor aangetref het, wat vermoedelik doodgeskiet was, maar hy kan nie sê deur wie nie, alhoewel waarskynlik deur 'n lid van die polisiemag, konst. Frans Yzelle van Tonder.

Beëdigde verklarings deur sers. Andries Johannes Vosser, konst. Kotie Janse van Vuuren, konst. Marthinus Jonker, a/o Jakobus Petrus Conradie, luit. Hercules Salman du Preez, B/konst. Oliver Mbele, is aan die hof ingehandig.

Luit. kol. Stephanus Jurgens du Toit het om 4.00 n.m. op die 16e Junie 1976 met 24 blanke polisiebeamptes na die Nhlanzani-drankwinkel gegaan, waar Bantoe jeugdiges besig was om dit te plunder. Daar aangekom was hulle deur Bantoes met klippe bestook. 'n Bantoeman met 'n asblikdeksel as skild het die aanvallers aangevoer. 'n Skoot was op hom gevuur en hy het weggehardloop. Om 9.00 v.m. op die 17e Junie 1976 het getuie met sy taakmag by die

Zola/...

Zola drankwinkel aangekom, waar 'n groot aantal Bantoes die polisie met klippe gegooi het. Die polisie se lewens was in gevaar en luit. kol. Du Toit gee bevel dat op 'n groep aanvallers op hulle linkerflank gevuur word. Een Bantoeman het geval, maar is dadelik deur die aanvallers weggeneem. Op bevel is daar ook op die aanvallers op die regterflank gevuur. Die aanvoerder van die aanvallers, Charles Phakathi, is gedood en na die Roodepoortlykshuis verwyder. Dit is nie bekend presies deur wie hy doodgeskiet is nie. Waarskynlik deur konst. Coetzer. Die skare het toe gevlug.

Konst. Frederik Willem Wolmarans het getuig dat hy op die aand van die 16e Junie 1976 gesien het hoedat 'n Bantoeman 'n Putco bus sonder ruite vinnig bestuur het. Sy enigste passasier, 'n Bantoeman, het in die ry uit die bus gespring en ernstige hoofbeserings opgedoen, waaraan hy later oorlede is. Later dieselfde aand sien konst. Wolmarans hoedat 'n Bantoeman uit 'n drankwinkel voor 'n bewegende privaatmotor inhardloop en doodgery word.

Beëdigde verklarings deur die volgende polisiebeamptes is ook ingehandig: konst. Johan Adriaan Buitendag, konst. Deon Pierre Pelser, konst. Reinier Henning, konst. Gordon Laing Patterson, konst. James Curlouis de Ville. Konst. Henning, sowel as konst. De Ville, meld in hulle verklarings dat hulle elkeen 'n Bantoeman platgeskiet het. In beide gevalle is die betrokke Bantoemans onmiddellik deur die Swart skare verwyder. Dit is nie met sekerheid bekend of die twee Bantoemans dood is nie.

Jakobus Petrus Buitendag, 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie, het getuig dat hy op 16/6/1976 beheer van polisiedienste in Soweto oorgeneem het ter beskerming van spoorwegeiendom, die reisende publiek, treinpersoneel en ander dienaars van die spoorwegadministrasie en om die veilige deurvoer van treine in die gebied te verseker. Brig. Buitendag het aan die hof breedvoerig beskryf watter stappe hy ten uitvoering van sy doelstellings

geneem/...

geneem het. Hy het al die stasies op die New Canada-Naledi trajek besoek en langs die pad etlike motorkarre en busse gevind wat omgekeer en/of aan die brand gesteek was. Die stasiegebou by Inhlazanistasie was vry ernstig beskadig. Die gebou was gesluit, maar daarbinne het 'n Bantoeman wat oënskynlik dood was, gelê. Langs die stasie was 'n drankwinkel feitlik totaal vernietig en geplunder. Twee uitgebrande voertuie wat op die spoorlyn gelê het, is verwyder. 'n Versoek om hulp vanaf die Naledistasie is ontvang en getuie het om 6.15 v.m. op die 17e Junie 1976 soontoe beweeg, waar sy taakmag met klippe, vol bottels bier en ander voorwerpe bestook en die polisievoertuie erg beskadig was. Die polisiemag onder brig. Buitendag het verdedigingsstellings ingeneem met duidelike opdragte dat daar onder geen omstandighede met vuurwapens gevuur moes word nie, tensy getuie self die bevel daartoe gee, en dan slegs die lid wat opdrag kry om sy vuurwapen te gebruik. Ongeveer 2 000 tot 3 000 Bantoes was besig om die biersaal te plunder en getuie het voorsien dat hulle van die drank daar drink, sou dronk word en dan in 'n besope toestand die Naledistasie en sy taakmag daar sou aanval. Talle voornemende passasiers wat die trein na hulle werk wou haal, het steeds na Naledistasie aangekom. Nadat die biersaal klaar geplunder was, het die oproeriges, soos vroeër vermoed, oor die oop stuk grond tussen die biersaal en Naledistasie na die stasie afbeweeg, 'n omsingelingstaktiek toegepas en die polisie en stasie van die noorde, ooste en westekant aangeval. Etlike passasiers is met klippe getref. Teen 7.50 v.m. het die aanval op die polisie al hewiger geword, met klippe en bottelstukke wat op hulle neergereent het. In hierdie stadium het getuie sy manne weereens gemaan om nie sonder opdrag te vuur nie. Omdat die windrigting verkeerd was, kon traanrook nie gebruik word nie. Die horde vyandiggesinde aanvallers het al nader beweeg. Dit was duidelik dat baie van hulle besope was. Getuie het sonder

sukses/...

sukses met hulle probeer kommunikeer. In die proses is hyself verskeie kere deur die klippe getref en het hy 'n snywond aan sy regterarm en een onder sy linkerknie opgedoen. Aan die voorpunt van die aanvallers was 'n paar aanvoerders en agitators wat die skare aangehits het. Weens die vyandiggesindheid, opstandigheid en besopenheid van die skare was daar geen hoop of moontlikheid om hulle tot bedaring te bring of om met hulle te kommunikeer nie. In opdrag van brig. Buitendag het sers. Coetzer 'n waarskuwingskoot met sy haelgeweer in die grond voor die naderkomende aanvallers geskiet in 'n poging om hulle opmars te stuit. Desgelyks het getuie self ook een skoot met sy 0,38 rewolwer gevuur. Die waarskuwingskote het egter geensins die gewensde uitwerking gehad nie. Inteendeel, het die aanval versterk. Die toestand het versleg en die lewens van die polisie, ander administrasie dienare en ander persone was in gevaar. In opdrag van brig. Buitendag het sersante Coetzer en Van Rensburg met hulle haelgewere na twee van die aanhitsers geskiet. Die skote was blykbaar oneffektief, aangesien die aanhitsers nog klippe gegooi het. Getuie self het toe met sy 0,38 rewolwer een skoot op 'n aanhitser gevuur en hy het geval en bly lê. Net daarna het getuie gehoor dat daar vanuit die woonbuurt se rigting met 'n ligte kaliber rewolwer op die polisie gevuur word. Luit. Coetzee en sers. Stander het in opdrag met hulle handmasjien karabyne in die rigting vanwaar daar op die polisie geskiet was, gevuur. Vuur vanuit daardie rigting is gestaak en dit word vermoed dat die betrokke persoon getref is. Daar is opgemerk dat 'n gewonde persoon daar deur die oproermakers weggeneem is. A/o Piek het 'n paar waarskuwingskote geskiet, maar is self met 'n klip in die gesig getref. Vier skote is gevuur met die doel om opruiers en voorbokke buite aksie te stel. Die skare het bedaar en teruggetrek. Getuie het gesien dat die skare vyf persone met hulle saam teruggeneem het. Dit is nie bekend of daardie

vyf/...

vyf persone slegs gewond of gedood was nie.

Brig. Buitendag het getuig dat die optrede van polisiekant op geen stadium aanvallend van aard was nie, maar suiwer ter verdediging van spoorwegpersele, die polisiepersoneel, tegnisie en reisende publiek wie se lewens beslis in gevaar verkeer het. Een van die opstokers, met 'n stuk pyp in sy hand en 'n groenerige oorpak aan, het met 'n klip vir sers. Stander op sy skeen getref. In opdrag het sers. Stander daardie Bantoeman met sy HMK in die onderlyf geskiet. Inligting is ontvang dat die skare vier lyke in 'n huis in die omgewing geplaas het. Getuie het reëlings vir die verwydering van die vier lyke deur die Suid-Afrikaanse Polisie getref.

Berig is ontvang dat die polisie in die kaartjieskantoor op Merafestasie vasgekeer word. Getuie en ander polisiebeamptes het soontoe gehaas. 'n Groot skare van ongeveer 2 000 Bantoes is daar aangetref. Luit. Delport en getuie self het waarskuwingskote gevuur en die aanvallers daardeur 'n ent teruggedryf. Die skare het egter hulle aanval weer verhewig. Getuie sien toe dat luit. Grant Greerson bewusteloos op sy rug lê en dat daar bloed by sy mond en oor uitloop. Hy was met 'n klip raakgegooi. Luit. Coetzee en sers. Stander het die Bantoe wat luit. Grant Greerson gegooi het, geskiet, omdat die Bantoe die skare aangehits het om nader te storm en die polisie verder aan te val. In hierdie stadium was die polisie totaal omsingel en van alle kante met klippe bestook. Hulp van die Suid-Afrikaanse Polisie het later opgedaag en die skare is uiteengejaag.

Brig. Buitendag het verklaar dat die uitsluitlike doel van sy polisieoptrede was: (1) Om te verhoed dat enige van sy personeel noodlottig beseer word. (2) Om te verhoed dat passasiers noodlottig beseer word. (3) Om te verhoed dat eiendom beskadig word. (4) Om te sorg dat die treindiens, wat in daardie stadium nog die

enigste/...

enigste openbare vervoerdiens was, in stand gehou word. Die busdiens was lamgelê en die instandhouding van die Suid-Afrikaanse Spoorweë se vervoerstelsel was van absolute primêre belang.

Bantoesers. Andries Mabalane en sers. Johannes Petrus Coetzer het ook getuig. Sers. Adriaan Barend Stander, speurder a/o Norman Lemmer, konst. Barend Jakobus van der Walt, sers. Johannes Roelofse, s/s Cornelius Johannes van Rensburg, vroue-luit. Linda Strydom, luit. Ronnie Coetzee, kapt. Theunis Johannes Jonk, luit. Phillip Delport, kapt. Henry John Ackhurst, a/o Johan Georg Christiaan Piek en Bantoeman Frank Maburu se beëdigde verklarings is aan die hof ingehandig.

Brig. Schalk Willem le Roux, afdelingskommissaris van Soweto, het sy aandeel aan die bekamping van die onluste in Soweto gedurende Junie 1976 aan die hof geskets.

A/o Okkert Stefanus Terblanche en konst. Coenraad Landman het getuig dat hulle ook by geleentheid van hulle vuurwapens gebruik gemaak het, maar hulle kon nie sê of hulle enige van die oproermakers raakgeskiet het nie. Beëdigde verklarings van genl. maj. Willem Hermanus Kotze, sers. Harrold Donovan Schrooby, konst. André Vollgraaf, Bantoeseun Alfred Mongone en konst. Jurie Gert Welthagen is aan die hof ingehandig. In sy verklaring meld sers. Schrooby dat hy saam met ander polisiemanne by die Orlandobottelstoor aan diens was, toe hy om 5.00 n.m. op die 17e Junie 1976 'n vragmotor slingerend van oos na wes op die hoofweg sien ry en uiteindelik teen 'n wal afry en onder tot stilstand kom. Weens die optrede van die vyandiggesinde skare kon daar nie ondersoek voor die volgende môre om 6.00 v.m. by daardie vragmotor ingestel word nie. Die bestuurder van die vragmotor was dood in die kajuit aangetref. Naby die voertuig het 'n tweede Bantoeman met 'n komvers toegemaak, dood gelê. Dit is nie bekend wat die oorsaak van die dood van hierdie twee Bantoemans is nie, of wie vir hulle dood

verantwoordelik/...

verantwoordelik was nie.

Maj. Gerhard Johannes Viljoen het ook sy aandeel aan die bekamping van die onluste te Soweto gedurende Junie 1976 aan die hof beskryf. Hy het onder meer vertel hoedat 'n Bantoeman wat 'n skare opstandige Bantoes aangehits en opgesweep het, op sy bevel om 9.30 v.m. op die 17e Junie 1976 naby die Bantoe Administrasie Raad se kantore te Diepkloof deur konst. Du Plessis doodgeskiet was. As gevolg het die skare Bantoes uiteengegaan en die lyk is verwyder. 'n Rukkie later, om 10.50 v.m., het getuie gesien dat 'n groep Bantoes 'n motorkar aan die suidekant van die Raad se gebou voorkeer en die wiele daarvan verwyder. Hulle het op die punt gestaan om die voertuig aan die brand te steek. 'n Bantoeman in bruin geklee was duidelik die opstoker, wat die Bantoes teen die polisie aangehits het. Omdat die polisie se lewens bedreig was, het getuie konst. Du Plessis beveel om die leier te skiet, wat hy ook gedoen het. Die skare het bedaar en uiteen gegaan.

Om ongeveer 4.00 n.m. op die 17e Junie 1976 het getuie na die Meadowlandspolisiestasie gegaan. Aan die oostekant van die polisiestasie was 'n skare Bantoes. Die landdroshofgebou agter die polisiestasie was aan die brand. Later, om 4.45 n.m. op die 17e Junie 1976, op pad na Moroka-polisiestasie, is gevind dat Bantoes besig was om Best Motor Spares te plunder en eiendom daaruit te verwyder. In opdrag van getuie het vier van sy manne elk twee skote vanuit hulle voertuig op die plunderaars gevuur. Daar is later bevind dat een persoon gedood is, terwyl twee beseer was. Verskeie Bantoes was daar gearresteer.

'n Beëdigde verklaring deur speurderkonst. Johannes Adriaan du Plessis is aan die hof ingehandig.

Luit. Petrus Johannes Jordaan het getuig dat die Mofolo Centre drankwinkel met sy aankoms daar om 4.15 n.m. op die 16e Junie 1976 aan die binnekant byne totaal verwoes was. 'n Skare

Bantoes/...

Bantoes wat tot ongeveer 2 000 aangegroei het, was baie opstandig en het die polisie hewig met klippe en ander voorwerpe bestook. Toe getuie op 'n keer omkyk, het hy 'n Bantoeman ongeveer drie treë van hom af dood sien lê. Die oorledene het 'n selfgemaakte bajonet in sy hand vasgehou. Konst. John Hazelhurst het getuig dat hy gesien het hoedat 'n Bantoeman met 'n mes in sy hand luit. Jordaan bekruip en op hom afstorm. Getuie het die Bantoeman doodgeskiet om te verhoed dat hy luit. Jordaan met die mes bykom.

Konst. Johannes Jakobus Christoffel van Eeden en konst. Petrus Hendrik Basson het ook getuig, en beëdigde verklarings deur konst. Leon Joubert, konst. Jan Adriaan Botes, konst. Dawid Lipshitz, konst. Nicolaas Johannes van Staden, konst. Erasmus Stefanus Jacobs, konst. Aalwyn Jakobus Nicolaas van der Westhuizen, konst. Johannes Petrus Mostert, sers. J.J.L. Scholtz, sers. D.J. Lucas, konst. D.S. Haarhoff, is aan die hof ingehandig.

Konst. Charles Peter Cox het getuig hoedat hy en ander lede van die mag om 11.00 n.m. op die 16e Junie 1976 'n gekaapte Putco bus naby die Jabavu kragstasie agternagesit het. Voor die Carolina-Nvuzi kleuterskool in White City het die insittendes uitgespring en weggehardloop. Terwyl luit. Smit die bestuurder van die bus agternasit, het eersgenoemde oor 'n draad gestruikel en geval. Omdat daar geen ander manier was om die Bantoeman te keer en te arresteer nie, het getuie een skoot met sy R1-geweer op hom gevuur. Toe getuie by die Bantoeman kom, het hy gevind dat die Bantoe 'n gat tussen sy blaaie het en hy is na die Baragwanathhospitaal toe verwyder, en is later oorlede.

Volgens luit. Jakobus Adriaan Smit was hierdie Bantoeman se naam Vuzi Nkwanazi en het hy 'n skietwond in sy regterskouer gehad.

Konst. Jan Hendrik Lombard en konst. Pieter Gerrit Jordaan het ook oor hierdie voorval getuig, in beëdigde verklarings wat ingehandig is.

Luit. kol./...

Luit. kol. Jakobus Conradie le Roux was in bevel van 'n taakmag wat vanaf 16 Junie 1976 tot die 18e Junie 1976 in Meadowlands diens gedoen het. Konst. Anton de Bruin en konst. Jan Gerhardus Moolman het ook oor die optrede onder bevel van luit. kol. Le Roux getuie, terwyl beëdigde verklarings deur konst. Egbert du Toit Botha, konst. Cornelius Stephanus Heyneke, konst. Pieter Josef Hattingh, sers. Christiaan Lodewikus Meyer, konst. Frans Johannes Kloppers, sers. Franscois Rautenbach, kapt. Jasper Pieter Jakobus Theunissen, luit. Pieter Hendrik Henning, konst. Pieter Grobler, konst. Jacobus Johannes Scheepers, sers. Johannes Frederik Hatting, konst. Floris Staphanus Wolmarans, konst. Walter Visser, konst. Jakobus Smit, luit. Jan Andries Chalmers en sers. Willem Andries Nel aan die hof ingehandig is. Hoewel etlike lede van die mag onder bevel van luit. kol. Le Roux van tyd tot tyd hulle vuurwapens moes gebruik, is daar geen getuienis dat enige persoon deur enige lid in hierdie taakmag gedood is nie.

A/o Johannes Jacobus Steyn het getuig van twee verkoolde lyke van Bantoemans wat op die 17e Junie 1976, om ongeveer 3.30 n.m. in die verwoeste biersaal in Meadownlands gevind was. Om ongeveer 10.00 n.m. op die 17e Junie 1976 het getuie op 'n toneel afgekom waar 'n privaat voertuig deur 'n aantal Bantoes aangeval word en waarvan een die insittendes met 'n byl gekap het. Toe daar op die aanvallers gevuur en met 'n lamp gelig word, het hulle weggehardloop. Getuie het besef dat die Bantoe met die byl nie ingehaal en gearresteer sou kon word nie en het ses rondtes met 'n Stengeweer op hom gevuur. Hy is gedood. Die liggaam is per ambulans van die toneel verwyder. A/o Steyn het getuig dat hy na die bene van die oorledene gekorrel het. Behalwe dat die oorledene 'n oorpak en moontlik 'n wit hemp aangehad het, sou getuie hom nie weer kon uitken nie.

Konst. Daniel Stefanus Cilliers het ook getuig. Beëdigde

verklarings/...

verklarings deur luit. Gerhardus Dirk Janse van Rensburg, konst. Carel Ernst Welgemoed, konst. Roeloff Weideman Klein, konst. Walte Ulrich Nel en konst. Casper Jan Hendrik Smit is aan die hof ingehandig. Volgens die verklaring van luit. Janse van Rensburg is daar gedurende die aand van 18 Junie 1976 by die Meadowlandspolisiestasie twee skote deur 'n onbekende persoon of persone op hom en ander lede van die polisie geskiet. Konst. Nel vertel in sy verklaring hoedat hulle om 8.00 n.m. op die 17e Junie 1976 op pad vanaf die Meadowlandspolisiestasie na die Soweto-snelweg by 'n ry bome aan die linkerkant van die pad 'n samedromming van Bantoes om 'n wit Fiat 1500 motorkar aangetref het. Die Bantoes het die motor met klippe bestook en 'n Bantoeman het op die grond gelê, terwyl hy deur ander Bantoes met stokke geslaan word. Toe die polisie op die toneel afkom, het die oproermakers gevlug. Die aangerande Bantoe het daar bly lê. Dit word nie gemeld of hy nog geleef het en wat van hom geword het nie. Naby 'n biersaal langs die biblioteek in Meadowlands, die naam van die biersaal word nie deur konst. Nel genoem nie, het hy ook op die lyk van 'n Bantoevrou afgekom. Dit is nie bekend wie vir haar dood verantwoordelik was nie.

Sers. Willem Christoffel Smith en ander lede van die mag het om 3.00 n.m. op die 17e Junie 1976 te Dube arriveer, waar die Barclaysbank toe reeds totaal deur brand verwoes was. Die skare jeugdiges reeds daar teenwoordig het vanaf 5.00 n.m. tot groot getalle aangegroei. Veral drie volwasse Bantoemans het tussen die skare rondbeweeg, gebalde vuiste in die lug gesteek, slagspreuke uitgeskreeu en die skare opgesweep. Die skare het nader beweeg en die polisie met klippe, gebreekte bakstene en bottels gegooi. Traanrookgranate het nie die gewensde uitwerking gehad nie. Sers. Smith verklaar dat dit vir hom duidelik was dat die opstokers daarop uit was om die polisietaakmag uit te wis.

Waarskuwingskote/...

Waarskuwingskote het die oproeriges geensins afgeskrik nie. Hull het nog nader aan die polisie beweeg, al skreeuende en steeds gooiende met klippe op die polisie. In opdrag van sers. Smith het sers. G.J. Hechter een van die aanhitsers platgeskiet, terwyl getuie self twee geskiet het. Daarop het die oproermakers gevlug Sers. Olivier het sy man mis geskiet. Een van die drie Bantoes wat daar geskiet is, was reeds dood. Die ander twee was uiters ernstig verwond. Al drie is in 'n voertuig gelaai en na Orlando verwyder. Later is die twee gewondes ook dood. Sers. Smith het getuig dat sy seksie van vuurwapens gebruik gemaak het slegs toe sy taakmag se lewens in gevaar was.

Beëdigde verklarings deur konst. Frans Fouche en sers. Louis McDonald Olivier is aan die hof ingehandig.

A/o Thomas Ignatius Liebenberg het ook aan die bekamping van onluste deelgeneem. In die namiddag van 18 Junie 1976 was getuie en vyf ander polisiebeamptes by 'n winkelkompleks te Dobsonville. Daar was baie vyandiggesinde, oproerige en uittartende Bantoes wat die besighede daar geplunder het. Die ses polisiebeamptes het op die drankwinkel afgestorm om die pluderaars te arresteer. Chaos het in die drankwinkel losgebars en die polisie is met allerhande voorwerpe aangeval. Getuie het op 'n ongeveer 25 jarige Bantoeman gevuur, wat oor 'n vensterbank geval en bly lê het. Daarna het hy op 'n tweede Bantoeman, ongeveer 20 jaar oud, gevuur en dië het ook geval en bly lê. Hierna het getuie 'n staakvuur bevel gegee. Ander lede van die taakmag het daar ook van hulle vuurwapens gebruik gemaak. Getuie het net daarna 'n 20-jarige Bantoeman in die drankwinkel onder die toonbank gearrestee Daarna het die man begin weghardloop. Getuie het hom beveel om te staan, wat hy verontagsaam het, en getuie het hom op 'n afstan van ongeveer 80 meter platgeskiet. Die lyke van hierdie drie Bantoemans is later verwyder.

Ondersersant/...

Ondersersant Esias Renier Cronje het getuig oor die Bantoeman wat hy om ongeveer 11.30 n.m. op die 19e Junie 1976 êrens in Dobsonville doodgeskiet het. Die oorledene het met 'n piksteel die vensters van winkels en 'n woonhuis stukkend geslaan en wou weghardloop toe getuie poog om hom te arresteer. Die enigste manier waarop getuie die Bantoeman sou kon arresteer was om hom te wond. Hy het een skoot op die Bantoe gevuur. Hy het na die Bantoe se bene gemik. Die Bantoe het geval. Dit is gevind dat die Bantoe wat doodgeskiet was net bokant die heup getref was. Die lyk is na die Dobsonpolisiestasie vervoer.

Beëdigde verklarings deur sers. Gert Johannes Swanepoel, konst. Gideon Desmond van den Berg, konst. Stephanus Douw Gerbrandt Steyn, konst. Johannes Jakobus Brandt, konst. Richard Stephen Roelofse, konst. Johan Grundling, luit. Frederik Wessels Lourens van Niekerk, luit. Jakobus Johannes Strydom, konst. Conrad Tnatwitzer, konst. Willem Albertus Koch, konst. Roberto Erasmus, konst. Marius van Niekerk en konst. Stephanus Hermanus Botes is aan die hof ingehandig.

Luit. kol. Gert Slabbert het om 10.00 n.m. op die 16e Junie 1976 met 'n peloton van oos na wes in Mofolo in die straat waarin Tshabalala se vulstasie geleë is, na die Mofolo drankwinkel gery. Ongeveer 300 meter vanaf die drankwinkel was ongeveer 500 Bantoes besig om 'n omgekeerde vragmotor te plunder. Terwyl nog aan die beweeg, het hierdie Bantoes die polisie met klippe begin gooi en die polisievoertuie getref. Getuie het konst. J.A. Buitendacht beveel om drie skote met sy haelgeweer na die knieë van die aanvallers en plunderaars te vuur, wat gedoen is. Met die afvuur van die skote het 'n Bantoeseun van ongeveer 15 jaar oud, 'n volwasse Bantoeman en 'n Bantoevrou geval. Die skare Bantoes het gevlug. By ondersoek is gevind dat die Bantoeseun en Bantoeman gedood is, terwyl die Bantoevrou in beide bene gewond was. Beide

lyke/...

lyke, die gewonde Bantoevrou en die lyk van 'n Bantoeman wat deur luit. Kotzé aan getuie uitgewys is, is toe na die Orlando-polisiestasie vervoer.

Konst. Jean Adriaan Buitendacht se getuienis het met die van luit. kol. Slabbert ooreengekom, behalwe dat hy gesê het dat hy beveel was om vier skote te vuur en nie drie nie. Gedagtig aan die chaotiese toestande en oorverdowende lawaai daar, kan dit verstaan word dat hy foutiewelik gemeen het die bevel was dat hy vier skote moes vuur. Toe hy geskiet het, verklaar konst. Buitendacht, was hulle lewens in gevaar.

A/o Frederik Phillipus Rudolf Botha het getuig dat hy met 'n seksie manskappe op die 17e Junie 1976, om ongeveer 10.00 n.m., na die winkel van 'n Bantoeman te Diepkloof gegaan het. Voor die motor het 'n Volvo-motor waarvan die ruite uitgegooi was, gestaan. Toe die getuie by die winkel se voordeur wou instap, het 'n Bantoeman met 'n stuk yster in sy hand op hom afgestorm, duidelik met die opset om hom te beseer of te dood. A/o Botha het die Bantoeman platgeskiet. In die winkel het 'n Bantoeman van agter 'n yskas uitgespring en getuie met een of ander voorwerp gegooi. Getuie het hierdie Bantoeman ook platgeskiet. Toe A/o Botha agter die toonbank instap, het 'n derde Bantoeman met 'n stoel in sy hand na hom geslaan. Getuie het hom ook platgeskiet. In hierdie stadium het kapt. Holloway met sy taakmag ook opgedaag. Die verwoeste winkel is deursoek en tien Bantoemans wat in 'n stoorkamer aan die agterkant van die winkel weggekruip het, is gearresteer. Twee van die drie Bantoes wat a/o Botha platgeskiet het, is noodlottig getref. Die derde een het nog tekens van lewe getoon, maar hy is later ook dood.

Beëdigde verklarings deur kapt. Richard Edward Holloway, konst. William Johannes Mathee, konst. Jan Franscois du Toit, konst. Gert Josephus Oosthuizen, konst. Johan Ludolf Diedericks,

konst./...

konst. Werner van Staaden, sers. Hendrik Adriaan Labuschagne, konst. Johannes Lodewikus Pienaar, sers. Barend Johannes Hefer, konst. Gert Pieter Riekert, konst. Gawie Murray Nienaber, konst. Daniel Stephanus Henning, konst. Gerhardus Phillipus Leonardus Venter, konst. Andrew Gerhard Smith en konst. Aubrey Jan Boucher, was aan die hof ingehandig.

Kol. Theofillus Pienaar was ook met die bekamping van onluste verlede jaar behulpsaam en het daaroor getuig. Konst. Abraham Jacobus Grobler, konst. Lodewyk Muller en sers. Charles Alfred Zeelie, het ook oor hierdie voorvalle getuie, terwyl beëdigde verklarings deur konst. Robert Brynard Spoon, konst. William Faber konst. Stephanus Swanepoel, konst. Stephanus Johannes Mattheus Maree en konst. Stephanus Johannes Paulus Harms aan die hof ingehandig is.

Speurder a/o Jan Abraham Nel Augustyn het getuig dat hy tans aan die spesiale ondersoek-eenheid te Soweto verbonde is. Hy het gedurende Januarie tot Februarie 1977 lede van die polisiemag wie by skietvoorvalle tydens die onluste gedurende Junie 1976 betrokke was gespreek. Getuie kon nie getuienis wat die kousale verband tussen die vuur van skote deur die polisiebeamptes en die dood van oorledenes bewys, bekom nie. Volgens hom was al die betrokke polisiebeamptes baie behulpsaam met sy ondersoek. 'n Beëdigde verklaring deur speurdersers. Charl Johannes van Wyk, wat speurder a/o Augustyn met die ondersoek behulpsaam was, is ook ingehandig.

Na die aanhoor van getuienis en die inhandiging van beëdigde verklarings, het die hof gevra of daar enige belanghebbende persoon of persone was wat getuienis wil aflê of die hof wil toespreek. Daar was geen sodanige belanghebbende persone nie. Afsonderlike lêers ten opsigte van elke individuele oorledene, waarin alle beskikbare getuienis met betrekking tot die identiteit, oorsaak of waarskynlike oorsaak van dood, die datum van die sterfgeval

van/...

van die oorledene en enige ander tersaaklike inligting wat bekombaar was vervat word, is saamgestel en aan die hof ingehandig, BEWYSSTUKKE Cl tot en met Cl.1.4.

Elk van die getuies wat mondelinge getuienis afgelê het, is deurtastend en krities, dog objektief en met onpartydigheid, deur die staatsaanklaer ondervra. Desgelyks was die getuies ook deur mnr. Coetzee ondervra. Die hof het ook etlike getuies ondervra.

Inagnemend die uiters moeilike omstandighede van chaos, oorverdowende lawaai, vreesbevangenheid en geweld of bedreigde geweld om maar 'n paar te noem, bevind die hof dat die getuies hulle getuienis op bevredigende wyse afgelê het, dat begryplike minder belangrike geskilpunte hier en daar voldoende verduidelik en opgeklaar is en dat die getuies mekaar bevredigend gestaaf het. Daar kon niks tot nadeel van die geloofwaardigheid of betroubaarheid van die getuienis van enige van die getuies ingebring word nie.

Uit die getuienis blyk dit dat daar gedurende die 16e tot die 19e Junie 1976 vier-en-tagtig Bantoemans, een blanke man en drie Bantoevrouens in die Sowetokompleks gedood is; 'n totaal van 88 persone. Die blanke man wat gedood is, was wyle dr. Edelstein, wie se geval reeds in die hooggeregshof in 'n moordsaak afgehandel is en waarmee hierdie hof in hierdie geregtelike doodsondersoek dus nie gemoeid is nie. Dit blyk ook verder dat 27 Bantoemans deur lede van die polisiemag doodgeskiet is, dat 35 van die Bantoemans vermoedelik of waarskynlik deur lede van die polisiemag doodgeskiet is, dat 22 van die Bantoemans, die drie Bantoevrouens en die blanke man, dr. Edelstein, nie deur enige lid van die polisiemag gedood is nie.

Volgens die getuienis is die volgende persone gedood: (1) Een Bantoeman by die Central Western White City, Jabavu, op die 16e Junie 1976 om ongeveer 5.00 n.m. Hy was vermoedelik deur 'n

lid/...

lid van die polisiemag, kol. T.J. Swanepoel, doodgeskiet. Daar is egter nie afdoende getuienis dat dit wel die geval was nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat die boonste gedeelte van sy kop met 'n panga of soortgelyke voorwerp weggekap kon gewees het. Uit die getuienis kan dit ook nie bepaal word wie hierdie man in lewe was nie. Later, met ander getuienis, het dit uitgekom dat hierdie man as ene Kenny Tokota uitgeken was.

(2) Een Bantoeman by die Central Western White City, Jabavu, op die 16e Junie 1976, om 5.00 n.m. Geskiet deur maj. May, in opdrag van kol. T.J. Swanepoel. Hierdie twee lyke is deur die polisie na die Baragwanathhospitaal verwyder.

(3) Een Bantoeman by die Pomolongbottelstoor, op die 16e Junie 1976, ongeveer 7.45 n.m. Deur kol. T.J. Swanepoel geskiet. Die lyk is na die Baragwanathhospitaal verwyder.

(4) Twee Bantoemans by die Dube-bottelstoor op die 16e Junie 1976, om ongeveer 8.00 n.m. Deur kol. T.J. Swanepoel doodgeskiet.

(5) Een Bantoeman by die Dube-bottelstoor op die 16e Junie 1976, om 8.00 n.m. Deur kol. T.J. Swanepoel doodgeskiet.

(6) Twee Bantoemans by die Dube bottelstoor, die 16e Junie 1976, om 8.00 n.m. Vermoedelik deur lede van kol. T.J. Swanepoel se taakmag doodgeskiet.

(7) Vyf Bantoemans by die Phefeni-bottelstoor, die 16e Junie 1976, om 11.40 n.m. Waarskynlik deur lede van kol. T.J. Swanepoel se taakmag doodgeskiet.

(8) Drie Bantoemans by die Phefeni-bottelstoor, 16 Junie 1976, 11.40 n.m. Die lyke was erg verbrand en waarskynlik reeds 'n geruime tyd dood.

(9) Drie Bantoemans by die Klipspruit administratiewe kantore, 17 Junie 1976, 9.20 v.m. Waarskynlik deur kol. Swanepoel se taakmag doodgeskiet.

(10) Drie Bantoemans by die Diepkloofhotel, op die 17e Junie

1976/...

1976, om 9.55 v.m. Waarskynlik deur kol. Swanepoel se taakmag doodgeskiet. (11) Diepkloofhotel, 17 Junie 1976, 9.55 v.m. Deur 'n onbekende persoon of persone doodgeskiet. (12) Twee Bantoemans by die Phefeni-bottelstoor, 17 Junie 1976, 3.00 n.m. Hierdie lyke was verbrand en in die bottelstoor aangetref. Dit is nie bekend wie hulle dood veroorsaak het nie.

(13) Twee Bantoemans êrens in Soweto, maar die presiese plek is nie bekend nie, was die lyke van twee Bantoemans met koeë wonde by 'n vragmotor wat van die pad afgeloop het, gevind. Een was in die bestuurderskajuit en een was langs die bak van die voertuig. Dit is nie bekend wie vir hulle dood verantwoordelik was nie. Hulle was daar gevind op die 18e Junie 1976, om 6.30 v.

(14) Een Bantoeman in Soweto-hoofweg, 18 Junie 1976, 7.30 n.m. Die lyk het in die pad gelê met verskeie wonde, wat oënskynlik deur klippe veroorsaak was, aan sy kop. Dit is onbekend wie sy dood veroorsaak het.

(15) Ses Bantoemans, Soweto Wholesalers, 17 Junie 1976, 11.40 v.m. Waarskynlik deur maj. Fouche en speurdersers. Britz doodgeskiet.

(16) Een blanke man te Zizoeloestraat, Orlando-Wes, op die 16e Junie 1976, om 1.00 n.m. aangetref. Sy kop was verbrysel en pogings was oënskynlik aangewend om hom te verbrand. Hierdie liggaam was later uitgeken as dié van dr. Edelstein. Die strafsaak ten opsigte van dr. Edelstein se dood is reeds in die hooggeregshof afgehandel.

(17) Een Bantoekind. Die geslag en identiteit is onbekend. Die presiese plek waar die kind aangetref is, is onbekend. Die kind is aangetref op die 17e Junie 1976, na 11.30 v.m. Oorsaak van die dood is onbekend. Dit is onbekend wie vir die kind se dood verantwoordelik was.

(18) Agt Bantoemans by die Meadowlandspolisiestasie en

hofgebou/...

hofgebou. Op die 17e Junie 1976, 6.00 n.m. Waarskynlik deur kapt. Engelbrecht se taakmag doodgeskiet. (19) Een Bantoeman, Gebied 10, Meadowlands. 17 Junie 1976, om 10.30 n.m. Vermoedelik deur sy eie mense doodgemaak.

(20) Een Bantoeman, 16e Junie 1976, tyd is onbekend. Hy is doodgeskiet waarskynlik deur die polisie onder bevel van luit. kol. Kleingeld. Dit is nie bekend deur welke polisieman nie. Hierdie Bantoeman was eers uitgeken as Lesley Ndlovu, maar later as Hastings Ndlovu, dit is die broer van Lesley Ndlovu.

(21) Een Bantoeman naby die New Soweto Road, op die 17e Junie 1976, om ongeveer 7.00 n.m. Deur a/o Du Plooy in opdrag van kol. Verwey geskiet.

(22) Een Bantoeman naby die New Soweto Road, op die 17e Junie 1976, om ongeveer 7.00 n.m. Deur luit. Strydom in opdrag van kol. Verwey met 'n haelgeweer doodgeskiet.

(23) Een Bantoeman. Die lyk is op die oggend van 17 Junie 1976 deur kol. Verwey in die sitkamer van 'n huis in Orlando-Wes gevind. Hy het 'n gapende wond in die bobors gehad en is vermoedelik deur 'n Bantoeman doodgeskiet op die 16e Junie 1976, om ongeveer 8.00 n.m.

(24) Twee Bantoemans op die plafon van die Klipspruit Meat Supply, op die 18e Junie 1976, om 12.00 die middag, dood aangetre[illegible] Waarskynlik deur die lede van die polisiepatrollie onder bevel va[illegible] maj. J.J. de Swardt doodgeskiet. Waarskynlik deur a/o J.W. Smuts. Hierdie twee Bantoemans was later uitgeken as Richard Mayilangwe en Jimmy Ndhlovu. (25) Een Bantoeman te Zondi, Soweto, gekry [illegible] op die 17e Junie 1976, om ongeveer 8.00 v.m. Wie vir sy dood verantwoordelik was is nie bekend nie. (26) Een Bantoeman te Zondi, Soweto, op die 17e Junie 1976, om ongeveer 8.00 v.m. Waarskynlik deur 'n lid van die polisie doodgeskiet. (27) Een Bantoeman deur sers. George Els op die 17e Junie 1976, om 8.30

v.m./...

v.m. naby die Wes-Randse Administrasiegebou gekry lê. Dit is nie bekend wie vir sy dood verantwoordelik was nie.

(28) Een Bantoeman by die Diepkloof biersaal op die 18e Junie 1976, om 11.00 v.m. Moontlik deur konst. Kotze doodgeskiet. Hierdie Bantoeman was uitgeken later as Hendrik Moleko.

(29) Een Bantoeman naby die Jabulani markgebou, op die 18e Junie 1976, om 2.00 n.m. Deur sers. George Els daar gesien lê, maar dit is nie bekend wie vir sy dood verantwoordelik was nie. Hierdie man was later geïdentifiseer as Bennet Mabuya.

(30) Een Bantoevrou by die Chiawelo-bottelstoor, op die 18e Junie 1976, om 7.15 v.m. Dit is onbekend wie vir haar dood verantwoordelik was, maar dit kon moontlik konst. D.J. Hildebrandt wees. Sy is later uitgeken as Mothabeni Mabaso.

(31) Een Bantoeman in die veld naby die Chiawelo-bottelstoor op die 18e Junie 1976, om 7.15 v.m. Deur speurdersers. Maree gevind. Hierdie Bantoeman was met 'n mes doodgesteek en vermoedelik beroof. Dit is nie bekend deur wie nie. Hy is later geïdentifiseer as Doctor Shabangu.

(32) Een Bantoeman by die Wes-Randse Administratiewe kantore Deur konst. P.J. Theron doodgeskiet op die 17e Junie 1976, om 3.00 n.m.

(33) Een Bantoeman by die Indingilisie-bottelstoor op die 17e Junie 1976 om 9.00 v.m. Vermoedelik doodgeskiet, maar dit is onbekend deur wie. Waarskynlik deur konst. F.Y. van Tonder.

(34) Een Bantoeman by Zola-drankwinkel op die 17e Junie 1976 om 9.00 v.m. Waarskynlik deur 'n lid van die polisie onder bevel van luit. kol. Du Toit doodgeskiet. Waarskynlik deur konst. Coetzer. Hierdie oorledene was later geïdentifiseer as synde Charles Phakathi.

(35) Een Bantoeman. Die plek waar hy gedood is, is onbekend maar dit is êrens in Soweto. Op die 16e Junie 1976, gedurende die

aand/...

aand. Die tyd is onbekend. Hierdie oorledene het in die ry uit 'n Putco bus gespring, ernstige wonde en hoofbeserings opgedoen, waaraan hy later dood is.

(36) Een Bantoeman, vlug uit 'n drankwinkel en hardloop voo 'n bewegende motor in en word so doodgery op die 16e Junie 1976, gedurende die aand. Dit is reeds in die getuienis beskryf waar dit plaasgevind het.

(37) Een Bantoeman. Op die 16e Junie 1976, om 12 uur midde nag in die stasiegebou van Inhlanzanistasie. Deur brig. Buitenda gevind. Dit is nie bekend wie vir sy dood verantwoordelik was ni

(38) Een Bantoeman. 17 Junie 1976, 10.00 v.m. Te Merafe-stasie. Deur luit. Coetzee en sers. Stander doodgeskiet, nadat die oorledene vir luit. Grant Greerson met 'n klip bewusteloos gegooi het. Vier Bantoemans het die oorledene vanaf die platform waar hy gelê het weggedra, met toestemming van brig. Buitendag. Hierdie oorledene was later uitgeken as synde Elijah Montyane.

(39) Twee Bantoemans, 18 Junie 1976, 6.00 v.m. Naby die Orlando-bottelstoor. Een van hulle was deur sers. Scrooby dood in die bestuurderskajuit van 'n vragmotor aangetref. 'n Tweede Bantoeman met 'n kombers oor hom het dood naby die vragmotor gelê

(40) Een Bantoeman op die 17e Junie 1976, om 9.30 v.m. Nab die Diepkloof Bantoe Administrasie Raad se kantore. Deur konst. Du Plessis, in opdrag van maj. Viljoen, doodgeskiet.

(41) Een Bantoeman in bruin geklee. Die 17e Junie 1976, om 10.50 v.m. Naby die Diepkloof Bantoe Administrasie Raad se kantore. Op bevel van maj. Viljoen doodgeskiet.

(42) Een Bantoeman. Op die 17e Junie 1976, om 4.45 n.m. By Best Motor Spares deur een van vier polisiebeamptes, onder bevel van maj. Viljoen, doodgeskiet.

(43) Een Bantoeman. 16e Junie 1976, 4.15 n.m. By die Mofolo Centre drankwinkel. Deur konst. J. Hazelhurst doodgeskiet.

(44)/...

(44) Een Bantoevrou. Op die 19e Junie 1976, tyd is onbekend by die Meadowlandsbiblioteek. Deur sers. W.J.L. Scholtz daar kry lê. Sy was ongeveer 16 jaar oud. Sy het daar gelê met haar onderlyf kaal, die bene oop en dit was duidelik dat sy verkrag was. Dit is onbekend wie vir haar dood verantwoordelik was.

(45) Een Bantoeman op die 16e Junie 1976, om 11.00 n.m. Voor die Carolina-Nvuzi kleuterskool in White City. Deur konst. Charles Peter Cox geskiet. Hy is later vermoedelik in die hospitaal dood, maar daar is geen rekord wat van sy liggaam geword het nie. Hierdie Bantoema was uitgeken as Vuzi Nkwanazi.

(46) Een Bantoeman. Op die 17e Junie 1976, om 10.00 n.m. Êrens in Meadowlands, maar die presiese plek is nie bekend nie. Deur a/o J.J. Steyn doodgeskiet.

(47) Een Bantoevrou. Op die 18e Junie 1976, na 9.30 v.m. Langs die biblioteek in Meadowlands. Deur konst. W.U. Nel gevind. Dit is nie bekend wie vir haar dood verantwoordelik was nie.

(48) Drie Bantoemans. Op die 17e Junie 1976, om ongeveer 5.00 n.m. By Barclaysbank en die kantore van die Wes-Randse Administrasie Raad te Dube. Deur sers. W.C. Smith en sers. G.J. Hechter doodgeskiet. Een van die Bantoemans was geïdentifiseer as John Mandile Zwane.

(49) Drie Bantoemans. Op 18 Junie 1976 om ongeveer 1.30 n.m. In 'n drankwinkel in 'n winkelkompleks te Dobsonville. Deur a/o T.I. Liebenberg doodgeskiet. (50) Een Bantoeman. Êrens in Dobsonville by winkels, die presies plek is nie bekend nie. Deur ondersersant E.R. Cronje, op die 19e Junie 1976, om ongeveer middernag, doodgeskiet. (51) Een Bantoeman en een Bantoeseun ongeveer 15 jaar oud. Op die 16e Junie 1976, om 10.00 n.m. Ongeveer 300 treë vanaf die Mofolo-drankwinkel. Deur konst. J.A. Buitendacht doodgeskiet.

(53) Drie Bantoemans in 'n winkel te Diepkloofwinkelsentrum

Deur/...

Deur a/o F.P.R. Botha op die 17e Junie 1976, om ongeveer 10.00 n.m. doodgeskiet.

Weens die oorvleueling van getuienis, die onsekerheid of totale gebrek aan inligting betreffende die indentiteit van die oorledenes en/of die plek waar en omstandighede waaronder hulle hul noodlottige beserings opgedoen het, kan daar geensins vir die korrektheid van die syfers, soos hierbo verstrek, ingestaan word nie. In 'n poging om tot 'n vergelyk te kom, is ook 'n skedule uit die inligting vervat in BEWYSSTUKKE C1 tot en met C1.1.4 soos volg opgestel, dit is BEWYSSTUK D, wat later uitgelees sal word. Daar moet op gelet word dat die getuienis van slegs 88 oorledenes melding maak, terwyl hierdie geregtelike doodsondersoek oor 114 oorledenes gaan, uit die totaal van die mondelinge getuienis, BEWYSSTUKKE A1 tot en met A51. Die beëdigde verklarings wat aan die hof ingehandig is, BEWYSSTUKKE B1 tot en met B170 en die inligting uit BEWYSSTUKKE C1 tot en met C1.1.4 verkry, kon die oorledenes se identiteit, die oorsaak of waarskynlike oorsaak van dood en die datum van die sterfgeval in die meeste gevalle vasgestel word.

Die moeilikste taak egter was om 'n bevinding ingevolge artikel 16(2)(d) van die wet ten opsigte van elke oorledene aan te teken, naamlik of die dood deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is. Volgens die getuienis is daar sover moontlik en omstandighede dit toegelaat het, rekord gehou van alle wapens en ammunisie wat aan polisiebeamptes uitgegee was. Telkens was die wapens en ammunisie wat aan polisiebeamptes toevertrou was deur offisiere nagegaan en ondersoek ten einde vas te stel hoeveel rondtes elke polisiebeampte afgevuur het en rekord daarvan is ook sover dit moontlik was, behoorlik gehou. Die hof kon dus uit die getuienis 'n redelik betroubare algehele beeld vorm van die mate waartoe

daar/...

daar gedurende die onluste in Junie verlede jaar in Soweto deur die polisie van wapens gebruik gemaak is. Dit was duidelik dat die doel van die polisie-optrede, van watter aard ook al, onder die volgende kategorieë saamgevat kan word: (1) Om wet en orde te herstel en te handhaaf. (2) Om lewensverlies te voorkom. (3) Om mense en eiendom te beskerm. (4) Om misdaad en geweldpleging in die algemeen en huisbraak, diefstal, brandstigting, aanranding, roof en moord in die besonder te voorkom en te bekamp

Die polisie was dikwels deur 'n geweldige oormag van waansinnige, moordlustige en totaal onbeheerbare skares, plunderaars en oproermakers, gekonfronteer. Kummunikasie met hulle was weens die oorverdowende lawaai en hulle algemeen vyandige gesindheid teenoor die polisie nie moontlik nie. Buitendien was hulle weens hulle aggressiwiteit geensins vir oortuiging vatbaar nie. Dit wa duidelik dat daar sekere Bantoemans en tot 'n mindere mate ook Bantoevrouens was, wat as leiers, aanhitsers en opsweepers opgetree het om die skares tot steeds groter geweldpleging op te rui. Die polisie was van oordeel dat tensy hierdie aanhitsers in gegew gevalle buite aksie gestel word, die skares nie onder bedwang en tot bedaring gebring sou kon word nie. Dat die polisie in hulle oordeel korrek was, blyk uit die gevalle waar die skadeloosstelling van die leiers en opstokers inderdaad die uitwerking gehad het om die aanvallende en opmarsende skares terug te dryf, uiteen te jaag en sodoende moontlik 'n grootskaalse bloedvergieting te voorkom.

Hierdie opstokers het 'n wesenlike invloed op die skares uitgeoefen en as dit nie vir hulle was nie, sou die konfrontasie met die polisie waarskynlik nie die afmetings aangeneem het wat die geval werklik was nie. Getuies het bewys dat lede van die polisiemag dikwels in lewensgevaar was. Daar was gevalle waar 'n handjievol polisiemanne deur etlike honderde, selfs duisende,

moordlustige/...

moordlustige Bantoes omsingel of in geboue vasgekeer was. Talle polisiebeamptes is lig en ander vry ernstig beseer. Menige polisievoertuie en ander staats-en privaateiendom is deur die oproermakers beskadig of vernietig. Nie alleen die polisie nie, maar ook hulle eie mense, was dikwels die skyf van hulle woede, waansin en raserny. Verskeie drankwinkels is oopgebreek, geplunder en afgebrand. Die plunderaars het vryelik van die sterk drank gedrink en baie van hulle was onder die invloed van drank. Dit het hulle selfbeheersing nog verder afgetakel. Chaotiese omstandighede het geheers. Dit was soms donker. Die oorverdowende lawaai was vreesaanjaend en demoraliserend. Die oormag teen die polisie was buite verhouding. Die polisie was met klippe, brandbomme en alle denkbare en ondenkbare voorwerpe en wapens aangeval.

Kol. Swanepoel het een voorval waarin hy betrokke was soos volg beskryf, hy het gesê: Die skare was soos besetenes. Dit was oorlog.

Vir die lede van die polisiemag, waarvan 'n redelik aansienlike persentasie jonk en onervare was, was die heersende omstandighede geensins vir rasionele denke en optrede bevorderlik nie. Die 'black power' teken en ander opruiende strydkrete was oral gesien en gehoor. Die skares het die polisie tot breekpunt aangeval, uitgetart en uitgejou. In verskeie voorvalle was dit bewys dat waarskuwingskote geensins die gewensde uitwerking gehad het nie. Inteendeel het dit in sommige gevalle die skares tot meer verbete vyandigheid en optrede aangespoor. In ander gevalle weer sou die vuur van waarskuwingskote weens omringende omstandighede en die aanwesigheid van soveel onskuldige toeskouers gevaarlik wees.

Weens die geweldige oormag teen die polisie sou 'n knuppelstormloop of enige poging tot die inhegtenisneming van die belhamels in sekere gevalle vir hulle lewensgevaarlik wees en dus buite die kwessie. Elke afsonderlike situasie het die polisie-

optrede/...

optrede daar dikteer. Die polisie moes besluite op die ingewing van die moment neem. Hierdie moeilike omstandighede en faktore ten spyt, is die beginsel van minimum geweld oral toegepas. Daarbenewens was dit deurgaans die polisie se beleid om, in gevalle waar die gebruik van vuurwapens onvermydelik geword het, dit oordeelkundig te gebruik. Alle opdragte om te vuur, hetsy selektief of algemeen, was met inagneming van die bepaalde omstandighede oordeelkundig en met bedwang gegee. Telkens sodra die noodsaaklikheid om te vuur opgehou het om te bestaan, was die bevel van om vuur te staak onmiddellik gegee en gehoorsaam. Baie polisiebeamptes wat met die bekamping van onluste in Soweto behulpsaam was, het nie een skoot met hulle vuurwapens gevuur nie. In die gevalle waar die polisie sonder voorafgaande waarskuwingskote direk op 'n persoon of persone gevuur het, het dit plaasgevind slegs wanneer daar geen ander uitweg was nie en hulle eie lewens of die van ander persone in onmiddellike gevaar was. Die blote feit dat daar, onder die omstandighede, nie meer oproermakers deur die polisie verwond of doodgeskiet is nie, getuig van die oordeelkundigheid en selfbedwang waarmee die polisie deurgaans opgetree het.

Die oormag van swartes, die lewensgevaar waaronder die polisie telkemale verkeer het en die feit dat hulle met vuurwapens gewapen was, moes noodwendig vir hulle 'n sterk versoeking gewees het om op hulle aanvallers los te brand. Indien die polisie onoordeelkundig of paniekbevange met hulle vuurwapens op die skares van honderde of duisende vlak voor hulle sou losgebrand het, val dit nie moeilik te begryp nie dat hulle dan honderde, of miskien duisende lewens sou afgemaai het.

Uit die getuienis blyk dit ook dat daar verskeie kere op die polisie gevuur was en dat daar ten minste een Bantoeman weens die onwettige besit van 'n vuurwapen gearresteer was.

Die/...

Die opregtheid waarmee die polisie hulle doel nagestreef het, lê in die feit dat hulle onder meer en met gepaardgaande gevaar vir hulle-self, verskeie brande geblus en beseerde persone na die hospitaal verwyder het opgesluit. In die bitter koue en soms na lang ure sonder rus of slaap, het wit sowel as anderskleurige polisiebeamptes, sy aan sy, soms rug aan rug, vreesloos hulle plig op lofwaardige wyse teenoor hulle land gedoen.

Omdat die staatsaanklaer die posisie na die aanhore van getuienis so treffend opgesom het, kan die hof nie nalaat om met volle vereenselwiging met die korrektheid daarvan enkele uittreksels uit sy besonder helder en insiggewende betoog soos volg hier aan te haal nie. Die staatsaanklaer het soos volg gesê: Elke situasie of voorval moet ge-evalueer word met kruitdampe in die neusgate en daar moet gewaak word om nie elke insident vanuit 'n leuenstoel te waardeer nie. Hy sê voorts: Tydens hierdie insidente het elke lid van die verskillende polisiekonsigmente elk sy eie individuele waarnemings en afleidings gemaak. Alhoewel die getuienis van hierdie lede nie dieselfde is nie, is daar globaal beskou absolute korroborasie van die gebeure en handelinge van die individuele lede. Dat daar verskille is, wat nie eintlik wesenlik is nie, is normaal, soos in talle besliste sake weerspieël is, dit gemene saak is dat wanneer 'n aantal persone gebeure wat vinnig op mekaar plaasvind waarneem, elkeen nie 'n identiese kronologiese relaas sal kan gee nie. Ook van kardinale belang is die feit dat die onlusgeteisterde Soweto 'n kookpot van onrus, geweld, moord, roof en brandstigting was, en dat geen persoon wat nie 'n navolger van die regime van Swartmag in hierdie gebied was nie, se lewe in gevaar was. Aldus die staatsaanklaer.

Inagnemend die beginsels van ons gemene reg, asook die bepalings van artikel 37(1) van Wet Nr. 56/1955, bevind die hof dat die optrede van al die polisiebeamptes wat gedurende Junie 1976

met/...

met die bekamping van onluste in Soweto behulpsaam was, deurgaans en sonder uitsondering in die betrokke omstandighede oordeelkundig beheers, korrek en in omstandighede wat een of ander regverdigings-grond insluit en dus regmatiglik was.

Met betrekking tot die identifikasie van die oorledenes moet die volgende faktore en omstandighede in gedagte gehou word: (1) In baie gevalle waar 'n persoon of persone deur die polisie verwond of doodgeskiet is, is dusdanige persoon of persone deur die oproermakers vanaf die betrokke toneel verwyder. (2) Hierdie verwonde persone of lyke is, nadat hulle van die toneel waar hulle geskiet of beseer is, deur die oproermakers na 'n hospitaal geneem of sommer op 'n plek laat lê. (3) Die omstandighede waaronder die gebeurde plaasgevind het, was nie vir noukeurige waarneming bevorderlik nie. (4) Die sigbaarheid was dikwels weens duisternis, rook en ander faktore beperk. (5) Weens die feit dat meer as een polisiebeampte soms tegelykertyd min of meer in dieselfde rigting gevuur het, was dit onmoontlik om te bepaal wie welke persoon getref het. (6) Die gejaagdheid waarmee die polisie van die een toneel na die ander moes haas, het die uitkenning van 'n bepaalde oorledene of verwonde later so te sê onmoontlik gemaak. (7) Die klere van al die lyke was by ontvangs by die staatslykshuis verwyder en dit was 'n bydraende faktor tot die bemoeiliking van die latere uitkenning van oorledenes deur lede van die mag.

Die moontlikheid en waarskynlikheid dat die datum van dood van 'n oorledene soos uit die getuienis blyk nie met die datum van dood soos uit <u>BEWYSSTUK D</u> blyk in alle gevalle ooreen sal stem nie moet in ag geneem word. Hierdie faktore sal meebring dat die datum van dood van 'n oorledene nie altyd met absolute presiesheid vasgestel kan word nie. Dit is ook bevind dat daar lyke by die staatslykshuis gebring was, waarvan geen melding in die getuienis gemaak is nie. Aan die ander kant word daar in die getuienis van

persone/...

persone melding gemaak wat gedood is, maar wat nooit in die staatslykshuis opgeneem was nie en oor wie geen verdere inligting bekombaar was nie. Die getuienis meld dat 88 persone gedood of dood aangetref is, terwyl 114 lyke by die staatslykshuis aangekom het. 'n Aantal van die oorledenes is deur middel van hulle vinger-afdrukke of van foto's geïdentifiseer. Ander oorledenes kon om verskeie redes glad nie geïdentifiseer word nie. Etlike lyke was so deur brand vermink, dat hulle nie uitgeken kon word nie. In ander gevalle het niemand na vore gekom om oorledenes uit te ken nie, en in sommige van daardie gevalle kon hulle familiebetrekking nie opgespoor word nie. Daar was ook gevalle waar oorledenes se vingerafdrukke glad nie of nie-identifiseerbaar geneem kon word nie.

BEWYSSTUK D word nou uitgelees. BEWYSSTUK D bevat ten opsigte van elke oorledene volle besonderhede sover dit vasgestel kon word, maar omdat die hof hier gemoeid is slegs met die identiteit van die oorledene, die oorsaak of waarskynlike oorsaak van dood, die datum van die sterfgeval en of die dood veroorsaak is deur 'n handeling of versuim wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, sal die hof net daardie toepaslike gegewens ten opsigte van elke oorledene uitlees:

(1) James Barron, datum van dood 18/6/1976, oorsaak van dood koeëlwonde. (2) Rufus Dlamini, 19/6/1976, koeëlwond aan die hoof. (3) Raymond Daluxolo Mahlanza, 18/6/1976, koeëlwond. (4) Felix Dlamini, 17/6/1976, koeëlwond. (5)Emmanuel Dlamini, 18/6/1976, skietwond van die bors. (6) Baby Sophie Dladla, 17/6/1976, skietwond van hoof. (7) Enoch Follie, 18/6/1976, skietwond long en rug. (8) Jeffrey Gondwe, 18/6/1976, skietwonde van maagholte en skouer. (9) Tyrone Hlalele, 17/6/1976, skietwond in long. (10) Herbert Kgupisi, 18/6/1976, skietwond van long. (11) Johannes Kubeka, 17/6/1976, koeëlwond in die been en bloeding. (12) Ariel

Kgongoana/...

Kgongoana, 18/6/1976, skietwond in hoof. (13) Gregory Kwinana, 17/6/1976, skietwond in nek. (14) Norman Kunene, 17/6/1976, skietwond met bloeding. (15) Zolile Khumalo, 17/6/1976, skietwond van maagholte. (16) George Khalane, 17/6/1976, skietwond van hart. (17) Marshall Keokame, 16/6/1976, skietwond deur long en bloeding. (18) Edward Kgapule, 18/6/1976, skietwond in hart. (19) Patrick Lengwathi, 19/6/1976, skietwonde deur long. (20) Petros King Linda, 17/6/1976, skietwond van long. (21) Themba Luvatsha, 17/6/1976, skietwond en bloeding. (22) Jan Lloyd, 18/6/1976, skietwonde van bors. (23) Hermina Leroke, 17/6/1976, skietwond van bors. (24) David Lepata, 16/6/1976, skietwond van hoof. (25) Lindiwe Mkwanazi, 28/6/1976, skietwond van maagholte (26) Frank Mbebe, 18/6/1976, skietwond van maagholte. (27) Hendrik Moleko, 18/6/1976, skietwond van bors. (28) John Mthembu, 21/6/1976, skietwond van hoof. (29) Morris Mgemane, 20/6/1976, veelvuldige skietwonde. (30) Simon Mposula, 16/6/1976, skietwon van bors. (31) Daniel Mahasha, 18/6/1976, skietwonde van maagholte. (32) Patrick Madzivhandila, 18/6/1976, skietwond van maa holte. (33) Laurence Mphetha, 17/6/1976, skietwond van bors. (34) Elijah Montjane, 17/6/1976, skietwonde van hoof en skouer. (35) John Mda, 17/6/1976, skietwond van bors en long. (36) Mos Mokoena, 17/6/1976, skietwond van maagholte. (37) Simon Maipa, 18/6/1976, skietwond en bloeding. (38) Herbert Manale, 17/6/197 skietwonde van bors en maag. (39) Amos Mokoena, 18/6/1976, skie wond van long. (40) Richard Mayilangwe, 18/6/1976, skietwond van aorta en maag. (41) Hezia Mzila, 17/6/1976, skietwond van long en hart. (42) Elizabeth Matsapola, 18/6/1976, skietwond van bors en nek. (43) Justice Mokaeane, 17/6/76, skietwond van rug en lewer. (44) Jeffrey Matsepe, 17/6/1976, skietwond van hoof. (45) Dennis Mmutle, 17/6/1976, skietwond van hart en bors. (46) David Mevana, 17/6/1976, skietwond van long.

(47) Mothabeni/...

(47) Mothabeni Mabaso, 17/6/1976/ skietwond van lewer en bloedin

(48) Peter Menwe, 17/6/1976, verskeie veelvuldige skietwonde.

(49) Vincent Mokoena, 16/6/1976, veelvuldige skietwonde.

(50) David Masinge, 17/6/1976, skietwond van bors.

(51) Maria Mithi, 17/6/1976, skietwond van hart.

(52) Petrus Makhabane, 16/6/1976, skietwonde van bors en maaghol

(53) Mbekseni Msimangu, 17/6/1976, skietwond deur hart.

(54) Lea Mlangeni, 17/6/1876 skietwond deur longe en bloeding.

(55) Makenzie Matome, 19/6/1976, skietwonde deur hart.

(56) Paulina Mahlambi, 18/6/1976, skietwond met veelvuldige beserin

(57) Joseph Monanyane, 18/6/1976, skietwond deur hart.

(58) Tennyson Ngoma, 19/6/1976, skietwond deur buik met bloeding

(59) Mantonbi Mnculwane, 17/6/1976, skietwond met veelvuldige beserin

(60) Bennett Mabuya, 18/6/1976, skietwond deur longe.

(61) Joseph Nkwe, 18/6/1976, skietwond deur long.

(62) Johanna Nyati, 23/6/1976, skietwond deur nek.

(63) Aaron Ngubane, 17/6/1976, skietwond van kop.

(64) Wellington Ngaba, 18/6/1976, skietwond van linkerbors.

(65) Peter Nkwana, 18/6/1976, skietwond van maagholte.

(66) Egu Ntanzi, 17/6/1976, skietwond van maagholte.

(67) Daniel Ntshabele, 17/6/1976, skietwonde van bors en maagholt

(68) Harry Ngobeni, 18/6/1976, skietwond van rug.

(69) Isaac Ronnie Nthite, 18/6/1976, skietwond van long en bloed

(70) Jimmy Ndhlovu, 17/6/1976, skietwond van maagholte.

(71) Hastings Ndhlovu, 16/6/1976, skietwond van hoof.

(72) Daniel Ncube, 17/6/1976, skietwond van bors en maagholte.

(73) Eric Nkomo, 17/6/1976, skietwond van long en hart.

(74) Hector Ndela, 16/6/1976, skietwond van nek en ander wonde beserings veroorsaak deur skietwonde.

(75) Fraser Ntsele, 17/6/1976, skietwond van lewer en niere en bloeding.

(76) Herbert/...

(76) Herbert Ndau, 18/6/1976, skietwond in buik met bloeding.

(77) Michael Ndibongo, 19/6/1976, skietwond van long.

(78) David Nkhambule, 17/6/1976, skietwond met veelvuldige beserings.

(79) Nelson Pendela, 18/6/1976, skietwond van nek.

(80) Hector Pieterson, 16/6/1976, skietwond van niere, lewer en long

(81) Charles Phakathi, 17/6/1976, skietwond van maagholte en bor

(82) Alfred Raditlhalo, 18/6/1976, skietwond van bors en maagholte

(83) Samuel Sithole, 18/6/1976, skietwond van hoof.

(84) Jan Sekekete, 18/6/1976, skietwond van long.

(85) Doctor Shabangu, 18/6/1976, skietwond deur nek.

(86) John Sibiya, 17/6/1976, skietwond van long en bloeding.

(87) David Taunyane, 18/6/1976, skietwond van buik met bloeding.

(88) Christopher Tshabalala, 17/6/1976, skietwond van bors.

(89) Kenny Tokota, 17/6/1976, skietwond van hoof.

(90) Louis Taaka, 17/6/1976, skietwonde van bors, maagholte en ru

(91) Robert Zenzele Tyiki, 17/6/1976, skietwond van hart.

(92) Thomas Twala, 18/6/1976, skietwond van maagholte.

(93) Phillip Zungu, 18/6/1976, veelvuldige skietwonde van bors, maagholte en rug.

(94) John Wandile Zwane, 17/6/1976, skietwond van maagholte.

(95) Mandy Yiba, 17/6/1976, skietwond van bors.

(96) Enoch Mduduzi Simelane, 20/6/1976, skietwond van brein, long en aorta.

(97) Ephraim Khumalo, 19/6/1976, skietwond van lewer en omentum.

(98) Naam van hierdie persoon is onbekend, op 17 Junie 1976, skietwond deur pelvis en bloeding.

(99) Solomon Molubi, 18/6/1976, skietwond van maagholte.

(100) 'n Man ongeveer 24 jaar oud, sy naam is onbekend, datum van dood 17 Junie 1976, skietwond van bors.

(101) Naam onbekend, ouderdom 51, manlik, datum van dood 17 Juni 1976, skietwond van maagholte en bors.

(102) Een-en-dertig/...

(102) Een-en-dertig jarige man, onbekend wie hy is, 18 Junie 1976, skietwond van bors.

(103) Solomon Mohlabane, 17/6/1976, skietwond van maagholte en lewe

(104) Sipho Maxwell Mahlinza, 18/6/1976, skietwond van maagholte.

(105) Jeffrey Mqakayi, 17/6/1976, skietwond van long en aorta.

(106) Dit is 'n 27 jarige man, sy naam is onbekend, 17 Junie 197 skietwond van long met bloeding.

(107) 'n Agt-en-twintig jarige man, sy naam is onbekend, 27 Juni 1976, skietwond van bors.

(108) Vusumuzi Andrew Sithole, 17/6/1976, skietwonde van bors.

(109) 'n Drie-en-veertig jarige man, sy naam is onbekend, datum van dood 17/6/1976, oorsaak van dood skietwond deur beide longe en hart met bloeding.

(110) 'n Twee-en-dertig jarige man, sy naam is onbekend, datum van dood 17/6/1976, skietwond deur maagholte en bors.

(111) 'n Nege-en-twintig jarige man, sy naam is onbekend, 17 Jun 1976, veelvuldige skietwonde met bloeding.

(112) Elliot Buthelezi of Nkozi, 16/6/1976, skietwond van longe, hart, lewer, maag en bloeding.

(113) Veronica Tshabalala, 15 Julie 1976, bekken peritonitis, bevinding in ooreenstemming met dood weens nierversaking.

(114) Sarah Tshabalala, 18/6/1976, skietwond van dye met bloedin

Om op te som, nr. 27, Hendrik Maleko, nr. 40 Richard Mayilangwe, nr. 70 Jimmy Ndhlovu, nr. 71 Hastings Ndhlovu, nr. 81 Charles Phakathi en nr. 89 Kenny Tokoto is almal sover vasgestel kan word waarskynlik of vermoedelik deur een of ander onbekende lid van die polisiemag doodgeskiet. Dit is bevind dat die dood van hierdie ses oorledenes, indien deur die polisie gedood, nie deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is nie, maar indien nie deur die polisie gedood nie kon dit nie vasgestel word wie vir hulle

dood/...

dood verantwoordelik was nie en of hulle dood deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is nie.

Nr. 34 Elijah Montjane en nr. 94 John Wandile Zwane is deur luit. Coetzee en sers. Stander en deur sers. W.C. Smith en sers. G.J. Hechter onderskeidelik doodgeskiet. Dit is bevind dat die dood van hierdie twee oorledenes nie deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is nie, aangesien daar regsregverdigingsgronde vir die optrede van die polisie was.

Ten opsigte van al die ander oorledenes bevind die hof dat dit nie uit die getuienis vasgestel kon word wie vir hulle dood verantwoordelik was en of hulle dood deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak, veroorsaak is nie.

Die dood van al 114 oorledenes is behoorlik geregistreer.

---

- S E R T I F I K A A T -

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat voorafgaande 'n ware en korrekte weergawe is van die uitspraak meganies opgeneem in hierdie geregtelike doodsondersoek.

L. WILLEMSE

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.